DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER AS KURRIKULUMLEIER: `N GEVALLESTUDIE

CB SWARTZ
HOD Hons BEd

TESIS AANGEBIED TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE MEESTERSGRAAD IN OPVOEDKUNDE (KURRIKULUMSTUDIE)

DEPARTEMENT KURRIKULUMSTUDIE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Maart 2011

STUDIELEIER: PROF AE CARL

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, by enige ander universiteit ter verkryging van `n graad voorgelê is nie.



22 Feb 2011

…….. ……..

Handtekening **Datum**

Kopiereg 2011 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

OPSOMMING

Die grootskaalse demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing na April1994 het ongekende kurrikulumtransformasie in die onderwystelsel tot gevolg gehad. Dit was hoofsaaklik daarop gemik om die onderwysongelykhede van die verlede te probeer regstel. Beleidsverandering in die kurrikulum sou dus onvermydelik wees.`n Aspek van transformasie in die onderwys was ook die strewe om groter deelname vir alle skoolgemeenskappe in Suid-Afrika te bewerkstellig deur `n benadering van effektiewe skoolgebaseerde kurrikulumbestuur en ontwikkeling.

Die studie het dit ten doel gehad om die leiersrol en funksies van die kurrikulumkoördineerders binne skoolgebaseerde kurrikulumontwikkeling te ondersoek en vas te stel hoe hulle dit ervaar. Om die navorsingsvraag te beantwoord is `n kwalitatiewe navorsingsontwerp binne die interptretatiewe navorsingsparadigma onderneem. Data is gegenereer deur gebruik te maak van semi-gestruktureerde vrae wat aan vier kurrikulumkoördineerders gestel is om insig te kry in hul ervarings en persepsies van hul onderskeie kontekste.

Uit die literatuurstudie blyk dit eerstens dat dit inderdaad `n groot uitdaging vir kurrikulumkoördineerders is om kurrikulumverandering te inisieer en te bestuur. Tweedens is dit uiters moeilik vir kurrikulumkoördineerders om hul leiersrol en koördineringsfunksie as kurrikulumleiers effektief te demonstreer en om effektiewe leiding en ondersteuning te bied. Die uitdaging vir kurrikulumkoördineerders is om hulself te bemagtig om voortdurende kurrikulumverandering te kan implementeer om sodoende effektiewe kurrikulumbestuur te verseker.

Uit die resultate is bevind dat kurrikulumkoördineerders wel probeer om hul verantwoordelikhede ten opsigte van kurrikulumbestuur te vervul. Nietemin ervaar hulle dat hulle nie heeltemal seker is oor wat hulle leiersfunksie en rol behoort te wees nie. Verder toon die studie dat kurrikulumkoördineerders `n behoefte het aan `n duidelike beleid en raamwerk wat hulle sal help om hulle verantwoordelikhede effektief te kan uitvoer.

ABSTRACT

The large scale of democratization of the South African society after April1994 brought about immense curriculum transformation in the education system. It was specifically aimed at addressing the educational imbalances of the past.

Policy changes in the curriculum were thus inevitable. A part of transformation in education was the quest for greater participation by all school communities in South Africa through an approach of effective school-based curriculum management and development.

A qualitative research design, guided by an interpretive research paradigm, was employed to answer the research question. The aim of the study was to explore how curriculum coordinators experienced their leadership role and functions within the context of school-based curriculum development. Data was generated by means of semi-structured questions to provide rich descriptions and explanations of the experiences and perceptions of curriculum coordinators in their particular contexts.

Firstly, the literature revealed that it is indeed an enormous challenge for curriculum coordinators to initiate curriculum change, and secondly, that it is very difficult for curriculum coordinators to demonstrate their leadership role and coordination function as curriculum leaders effectively and to provide good support and direction. Curriculum coordinators are faced with the challenge of empowering themselves, enabling them to implement curriculum change continuously so that the curriculum is managed effectively.

The research findings indicated that the curriculum coordinators do fulfil their responsibilities regarding curriculum management. Nevertheless, curriculum coordinators were not sure what their leadership function and role should be. Furthermore, the study revealed that there is a need to develop specific guidelines and clear policy to help curriculum coordinators to execute their roles and responsibilities effectively.

Hierdie tesis word opgedra aan:

My ouers, Deliah Swartz (Laas) en Cecil John Swartz (Allie), wat `n onbaatsugtige bydrae in my lewe gemaak het en wat hulle onvermoeid beywer het vir my opvoeding.

DANKBETUIGINGS

Graag wil ek my opregte dank en waardering betuig teenoor:

- Ons Hemelse Vader, vir genade, deursettingsvermoeë en wysheid om die studie te kon voltooi. Aan Hom al die eer
- Professor AE Carl, my studieleier, vir sy inspirerende en professionele leiding, verdraagsaamheid en wysheid
- My vrou, Theresa, en dogters, Chanél en Kayla, vir hul vertroue, aanmoediging en geduld
- My broers en suster vir hul belangstelling, aanmoediging en gebede
- Tania Colyn, vir haar onbaatsugtige hulp tydens die skrywe van hierdie tesis

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTERING..... 1

1.1 INLEIDING…….. 1
1.2 RASIONAAL VIR DIE ONDERSOEK…….. 2
1.3 NAVORSINGSVRAAG……. 3
1.4 DIE DOEL VAN DIE STUDIE……... 4
1.5 BEGRIPSVERKLARING……... 5
1.6 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE……..... 5
1.7 ETIESE KWESSIES…… 8
1.7.1 Ingeligte toestemming en vrywillige deelname…… 8
1.7.2 Vertroulikheid en anonimiteit…….. 8
1.8 VERDERE SAMESTELLING VAN DIE STUDIE…….. 8
1.9 SAMEVATTING…… 9

HOOFSTUK 2

DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER SE ROL EN LEIERSFUNKSIE TEN OPSIGTE VAN KURRIKULUMBESTUUR EN – ONTWIKKELING..... 10

2.1 INLEIDING…… 11
2.2 DIE KONSEP 'KURRIKULUMLEIERSKAP EN -BESTUUR'…….…….…. 11
2.3 ENKELE TOEPASLIKE TEORETIESE ASPEKTE VAN KURRIKULUM-ONTWIKKELING…….. 16
2.4 DIE INSTEL VAN 'N STRUKTUUR MET BETREKKING TOT DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER…… 20
2.4.1 Die ontstaan van die begrip 'kurrikulumkoördineerder'……. 20
2.4.2 Die kurrikulumkoördineerder se posisie as deel van die skoolbestuur…… 22
2.5 DIE MOONTLIKE ROL EN LEIERSFUNKSIE VAN DIE

KURRIKULUMKOÖRDINEERDER BINNE ONDERRIG EN LEER…… 24
2.5.1 Inleiding…… 24
2.5.2 Die rol van die skoolkurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier…… 24
2.5.3 Kennis, vaardighede en houding van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier…… 28
2.5.4 Verantwoordelikhede van die kurrikulumkoördineerder……. 29
2.5.5 Samevatting…… 32
2.6 DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER AS KURRIKULUMLEIER IN VERNUWING EN VERANDERING……. 33
2.6.1 Inleiding…… 33
2.6.2 Die kurrikulumkoördineerder as vernuwingsagent binne verandering en vernuwing…….. 33
2.7 SAMEVATTING…… 36

HOOFSTUK 3
NAVORSINGSONTWERP EN –METODOLOGIE..... 38

3.1 INLEIDING…… 38
3.2 NAVORSINGSVRAAG…… 39
3.3 NAVORSINGSONTWERP…… 39
3.3.1 Inleiding…… 39
3.3.2 Navorsingsparadigma en doel van navorsing…… 40
3.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE…… 41
3.4.1 Gevallestudie…… 41
3.4.2 Voordele van gevallestudienavorsing……..42
3.5 KONTEKS VAN DIE STUDIE...…… 44
3.6 DATA – INSAMELING…… 45
3.7 ONDERHOUDE…… 45
3.7.1 Onderhoudsvoeringproses…… 46
3.7.2 Semi-gestruktureerde onderhoude…… 46

3.7.3 Voordele van onderhoude vir die studie…… 46
3.8 ETIESE OORWEGINGS…….. 47
3.9 DATA VERIFIKASIE…….. 48
3.10 DATA-ANALISE…….. 49
3.11 SAMEVATTING…….. 50

HOOFSTUK 4
DATA-ANALISE..... 52

4.1 INLEIDING EN KONTEKS…….…….…… 52
4.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK……...……. 52
4.3 STRUKTUUR VAN DIE VRAELYS…… 52
4.3.1 Biografiese inligting……..…….. 52
4.3.2 Semi-gestruktureerde vrae…….…… 53
4.3.3 Vraelysgids om onderhoude met kurrikulumkoördineerders te voer……....…… 53
4.4 OMSKRYWING VAN BIOGRAFIESE INLIGTING…….. 56
4.4.1 Biografiese inligting…… 56
4.5 ANALISE EN INTERPRETASIE VAN DATA BEKOM UIT ONDERHOUDE.....… 59
4.5.1 Inleiding tot die onderhoude…….. 59
4.5.2 Leierskaprol…….. 59

4.5.3 Koördineringsfunksie…….. 66

4.5.4 Ondersteuning aan en bemagtiging van opvoeders…….…….. 72
4.5.5 Skakeling met verskillende rolspelers..... 74
4.5.6 Onderwysvernuwing…… 78
4.6 SAMEVATTING EN SLOT……...……...…… 81

HOOFSTUK 5
BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS..... 83

5.1 INLEIDING…….….. 83
5.2 SAMEVATTING VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE……. 83
5.3 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS…….. 84
5.3.1 Leierskaprol……..…… 84
5.3.2 Kurrikulumkoördineringsfunksie……..…….. 85
5.3.3 Ondersteuning aan en bemagtiging van onderwysers……..…… 86
5.3.4 Skakeling met verskillende rolspelers…….. 86
5.3.5 Onderwysvernuwing……..……. 87
5.4 Opvoedkundige implikasies……..……... 88
5.5 Aanbevelings vir verdere ondersoek……..….. 89
5.6 Beperkings van die studie…….. 89
5.7 Slotperspektief..... 90

BRONNELYS..... 92

LYS VAN TABELLE

TABEL 2.1: Vergelyking van verantwoordelikhede en werksaamhede van die kurrikulumleier soos voorgestel deur Doll en Glatthorn……... 31
TABEL 4.1: Geslag…….. 56
TABEL 4.2: Ouderdom in jare…… 57
TABEL 4.3: Jare onderwyservaring…… 57
TABEL 4.4: Huistaal…… 58
TABEL 4.5: Kwalifikasies…….. 58
TABEL 4.6: Jare ondervinding as kurrikulumkoördineerder……. 58

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1: Fases van kurrikulumontwikkeling…….. 18
FIGUUR 2.2: Kurrikulumleweringsfunksie binne ŉ skool…… 22
FIGUUR 3.1: Die datageneringproses…….. 50

LYS VAN BYLAES

BYLAE A: Biografiese inligting
BYLAE B: Semi-gestruktureerde onderhoud
BYLAE C: Afskrif van die navorser se aansoek om navorsing te doen
BYLAE D: Afskrif van die toestemmingsbrief van WKOD om navorsing in skole te kan doen
BYLAE E: Afskrif van studieleier se begeleidende brief in die aansoek om navorsing in skole te mag doen

HOOFSTUK EEN

INLEIDENDE ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Die grootskaalse demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1994 het meegebring dat elke faset van die onderwys ingrypend getransformeer is. Die oorsaak van hierdie verandering kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die nuwe politieke bestel wat ná 1994 in Suid-Afrika in werking getree het. Die onderwys in Suid-Afrika was dus ook genoodsaak om tred te hou met hierdie veranderinge. Dit het meegebring dat daar ook baie beleidsveranderinge in die onderwys sou plaasvind, gegewe die nuwe politieke bestel. `n Deel van transformasie in die onderwys is die strewe om groter deelname vir die hele skoolgemeenskap te bewerkstellig deur `n benadering van skoolgebaseerde bestuur. Die koersverandering het meegebring dat ook op die gebied van kurrikulumbestuur ingrypende veranderinge in die skoolopset moes plaasvind.

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement moes gevolglik ook veranderinge in skole onder sy administrasie bewerkstellig, veral ten opsigte van kurrikulumontwikkeling. Hierdie veranderingsprosesse wat hoofsaaklik deur beleidsveranderinge aangedryf is, het die behoefte aan kurrikulumkoördineerders by skole in die provinsie duidelik as ŉ leemte geïdentifiseer. Hierdie verandering het ook op verskeie vlakke plaasgevind, te wete sowel buite as binne skoolverband. Binne skoolverband is daar besluit dat skole `n persoon moes identifiseer wat bepaalde kurrikulumkoördineringsfunksies sou vervul. Dit is egter gedoen sonder enige beleidsriglyne of sonder dat enige formele strukture ontwerp is om persone op te lei om hierdie taak te verrig.

Skole moes self die inisiatief neem om `n geskikte persoon uit eie geledere hiervoor te identifiseer. Hierdie persoon sou nie noodwendig die skoolhoof wees nie. Die primêre doel

van die kurrikulumkoördineerder sou wees om die skoolkurrikulum te koördineer en te bestuur en om die skoolhoof te ondersteun.

1.2 RASIONAAL VIR DIE ONDERSOEK

Die rol van hierdie kurrikulumkoördineerders het in die onlangse jare `n belangrike element geword in die bestuur van kwaliteit-leerervarings vir almal in die onderrigleerproses. Die navorser het as opvoeder die behoefte geïdentifiseer om deur middel van hierdie ondersoek te probeer vasstel wat die ervarings en persepsies van kurrikulumkoördineerders is ten opsigte van hulle rol en funksie as kurrikulumleiers. Dit is as gebiedend noodsaaklik beskou om so ’n ondersoek te doen, veral omdat daar so baie verwarring en onsekerheid heers onder opvoeders en skoolbestuur oor wat hierdie rol en funksies moontlik kan behels.

`n Verdere beweegrede vir hierdie siening was dat die navorser in 2005 as kurrikulumkoördineerder by `n spesifieke laerskool aangestel is en onkundig was oor wat die werksomskrywing van die kurrikulumkoördineerder behoort te wees. Die kennis en kundigheid waaroor die navorser vandag ten opsigte van die werksaamhede van die koördineerder beskik is deur direkte en proefondervindelike ervaring oor `n tydperk opgedoen.

Dit is die navorser se mening dat talle kurrikulumkoördineerders tans nie oor die kennis en vaardighede beskik om die kurrikulum effektief as koördineerders te bestuur nie. Koördineerders is dikwels verward oor wat hulle rol en funksie ten opsigte van die bestuur van die kurrikulum en die ontwikkeling daarvan in die skoolopset behoort te wees. Die opvoeders by skole ervaar dikwels dat kurrikulumkoördineerders self nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om leiding te kan neem in kurrikulumontwikkeling nie met ander woorde hulle is van mening dat kurrikulumleierskap nie tot sy reg kom nie.

Die meriete waarop persone in die posisie aangestel is verskaf dikwels ontevredenheid en onwilligheid by opvoeders om hul samewerking te gee ten opsigte van kurrikulumlewering binne die skool. Die navorser het hierdie situasie direk ervaar by die skool waaraan hy tans verbonde is. Die gesag en outoriteit van kurrikulumkoördineerders word dus dikwels nie erken en aanvaar nie.

Daar is in skole geen duidelike of amptelike departementele omskrywing van wat só `n taak behels nie. Ná verskeie informele gesprekke met kollegas wat ook kurrikulumkoördineerders by buurskole in dieselfde skooldistrik is, is die navorser se mening daaroor bevestig. ʼn Verdere gesprek met `n kurrikulumadviseur in die Onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsentrum (OBOS) van die Kaapse Wynlandstreek oor die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder het bevestig dat daar ʼn behoefte in hierdie verband bestaan en dat dit moontlik verdere ondersoek regverdig.

1.3 NAVORSINGSVRAAG

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar onsekerheid is oor wat die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder by skole is of behoort te wees. Die probleem wat dus in hierdie studie ondersoek was. Die kurrikulumkoördineerders op skoolvlak is nie behoorlik toegerus ten opsigte van hul rol en funksies as kurrikulumleiers en -koördineerders nie.

Uit informele gesprekke met opvoeders van omliggende skole sowel as met kollegas het dit geblyk dat die koördineerder die persoon is wat by uitstek in staat moet wees om alle toepaslike inligting in verband met die kurrikulum aan hulle te kommunikeer en te kanaliseer. Daar word dikwels vergeet dat elke opvoeder ʼn ontwikkelaar van die kurrikulum uit eie reg is en dus inderwaarheid as ‘gewone opvoeders’ ook tereg as kurrikulumleiers behoort te funksioneer.

Talle kere ervaar die kurrikulumkoördineerder dat hy/sy self nie genoeg bemagtig is om die werk te kan doen nie en nie oor voldoende kurrikulumkundigheid en kennis beskik nie.

Opvoeders ervaar ook dat die onderwysowerhede en/of die skoolbestuur nie genoegsame ondersteuningsmeganismes daarstel vir die kurrikulumkoördineerder nie. Werk word bloot na die kurrikulumkoördineerder gedelegeer. Die siening is dikwels dat die werksportefeulje van die kurrikulumkoördineerder te moeilik is om te behartig en baie opvoeders sien gevolglik nie kans om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar nie.
Uit die voorafgaande is die behoefte aan verdere navorsing geïdentifiseer en die volgende navorsingsvraag is gestel: Wat behels die rol en funksie van `n kurrikulumkoördineer as kurrikulumleier?

1.4 DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Uit die voorafgaande navorsingsvraag het die **primêre doelstelling** van die studie voortgespruit, naamlik om die persepsies en ervarings van die kurrikulumkoördineerder ten opsigte van kurrikulumbestuur en kurrikulumontwikkeling binne ŉ bepaalde skoolkonteks en omgewing te identifiseer en te omskryf.

Die sekondêre doelstellings in hierdie studie was

- om `n beskrywing te gee van die rol en funksie van `n kurrikulumkoördineerder;
- om moontlike eienskappe, kennis, vaardighede en houdings waaroor `n kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier behoort te beskik te identifiseer en te omskryf; en
- om `n beskrywing te gee van die kurrikulumkoördineer se moontlike rol as vernuwingsagent ten opsigte van kurrikulumontwikkeling.

1.5 BEGRIPSVERKLARING

Volgens die navorser se kennis is die kurrikulumkoördineerder die opvoeder by die skool wat leiding behoort te gee met betrekking tot kurrikulumverwante kwessies. So `n persoon moet dus die daaglikse werking van die kurrikulum binne die skoolopset bestuur in noue medewerking met die senior bestuur van die skool.

Uit die beperkte literatuur blyk dit dat die persone wat in die posisie van kurrikulumleier optree verskeie benamings het. Tanner en Tanner (1980:658) verwys byvoorbeeld na die "curriculum supervisor, instructional supervisor, curriculum coordinator, director of curriculum, curriculum consultant". Vir die doel van hierdie studie het die soeklig geval op die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier.

Dit is duidelik dat die rol en funksie wat die kurrikulumkoördineerder behoort te verrig nog nie in alle skole gevestig is. Daar kom nogtans `n bepaalde leierskapfunksie aangaande kurrikulumbestuur in die lynfunksie van die skoolbestuur van die meeste skole voor. Met die bestuur van die kurrikulum word daardie bepaalde funksie van kurrikulumleierskap toegelig wat hoofsaaklik op die ontwikkeling van die kurrikulum binne skoolverband fokus.

1.6 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

Die navorsing berus hoofsaaklik op `n literatuurstudie van plaaslike en oorsese literatuur. Die oorsese bronne is sover moontlik van toepassing gemaak op die Suid-Afrikaanse en plaaslike onderwystoestande. Daar bestaan bykans geen literatuur oor die kurrikulumkoördineerder binne die Suid-Afrikaanse konteks nie en dit word as ŉ leemte beskou in die soeke na antwoorde oor wat hierdie rolle en funksies moontlik sou kon wees in die Suid-Afrikaanse opset.

Volgens Durrheim (1999:29) is `n navorsingsontwerp `n strategiese raamwerk wat as brug dien tussen die navorsingsvraag en die uitvoering of implementering van die navorsing. Sodanige navorsing behoort `n raamwerk of bloudruk te verskaf oor hoe die data gegenereer en ontleed sal word om die navorsingsvraag te beantwoord.

Die navorser se doel met die studie was om groter begrip te verkry van die persepsies en ervarings van die kurrikulumkoördineerder binne `n bepaalde omgewing en skoolkonteks ten opsigte van kurrikulumbestuur en kurrikulumontwikkeling. Daar is in hoofsaak `n kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg. Volgens Maykut en Morehouse (1994:43) ondersoek kwalitatiewe studies oor die algemeen die woorde en aksies van mense in narratiewe of beskrywende maniere wat die situasie soos deur deelnemers ervaar, verteenwoordig.

Die kwalitatiewe data wat gekonstrueer is, is gesetel binne `n interpretivistiese navorsingsparadigma. `n Interpretivistiese paradigma is ingestel op betekenis, om sodoende die werklikhede van die deelnemers se daaglikse bestaan, hul ervarings en die situasie waarin hulle hul bevind te verstaan en die betekenis daarvan te interpreteer (Babbie & Mouton, 2001:28-29). Die navorsingsparadigma toon dus `n duidelike skakel met die navorsingsvraag, omdat die doel van die navorsingstudie was om `n indringende begrip van die standpunte, ervarings en persepsies van `n spesifieke groep kurrikulumkoördineerders binne die daaglikse skoolopset te verkry.

`n Gevallestudie is beplan in minstens vier skole van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wat onder die Overberg-onderwysdistrik ressorteer. Die gevallestudie was daarop gemik om hierdie kurrikulumkoördineerders se persepsies en ervarings ten opsigte van kurrikulumontwikkeling te bepaal. Deur die voer van semi-gestruktureerde onderhoude met die verskillende kurrikulumkoördineerders is kwalitatiewe data gegenereer. Om `n volledige en akkurate rekord van die onderhoude te bekom vir rekord- en transkripsiedoeleindes, het die navorser gebruik gemaak van `n bandopnemer.

Semi-gestruktureerde onderhoude met minstens vier kurrikulumkoördineerders van die geïdentifiseerde skole in die Overberg-onderwysdistrik is as instrument gebruik. Hulle is as deel van die gevallestudie benut. Datagenerering het deur middel van waarneming, vraelyste, onderhoude en veldnotas geskied.

Miles en Huberman (1994:29) omskryf ŉ veelvoudige gevallestudie in terme van die eindproduk:

> Multiple-case sampling adds confidence to findings. By looking at a range of similar and contrasting cases, we can understand a single-case finding, grounding it by specifying how and where and, if possible, why it carries on as it does. We can strengthen the precision, the validity, and stability of the findings.

Hierdie studie sal, soos reeds vermeld, op kurrikulumkoördineerders se ervarings en persepsies oor kurrikulumkwessies fokus. Die rede(s) vir hierdie persepsies is uiteraard ook ter sprake. Yin (1994:9) is van mening dat die 'hoe'- en 'waarom'-vrae groot voordeel vir die gevallestudie inhou.

Die teoretiese onderbou is gelê deur ŉ omvattende literatuurstudie van beide plaaslike en internasionale literatuur, asook dokument-analise. Die studie het veldwerk ingesluit waar die navorser geluister, waargeneem en ondersoek gedoen het van materiaal wat met die studie verband hou. Data is aangevul met die gebruik van waarneming en vraelyste. Die vraelyste is onder die kurrikulumkoördineerders versprei. Die gevallestudie was interpretivisties van aard omdat die navorser met werklike mense gewerk het.

Die belangstelling van kennis in die studie sal prakties wees omdat verskillende rolspelers in die studie sal deelneem. Daar is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde vraelyste om onderhoude mee te voer om die data te genereer, omdat kennis ook gekonstrueer word deur beskrywings van mense se intensies, geloof, sin maak en verstaan van ŉ situasie of verskynsel. Semi-gestruktureerde onderhoude het vooropgestelde vrae, maar die volgorde van die vrae kan verander word na gelang van die navorser se persepsies tydens die onderhoud. Die steekproefneming het onderhoude behels met minstens vier kurrikulumkoördineerders van die onderskeie skole in die Overberg-onderwysdistrik.

1.7 ETIESE KWESSIES

In enige navorsingstudie moet etiese oorwegings `n fundamentele deel uitmaak van die hele navorsingsproses. Kwalitatiewe metodes bevorder vertroue tussen die navorser en die deelnnemers. Volgens Finch (in Mason, 1996:159) is dit dus uiters belangrik vir die navorser om die verantwoordelikheid te aanvaar om nie die vertrouensverhouding te misbruik nie. Die metodes wat verseker het dat die etiese kode tydens die navorsingsproses nagekom is, word vervolgens bespreek.

1.7.1 Ingeligte toestemming en vrywillige deelname

Toestemming om navorsing te doen is van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry (sien Bylae C).

1.7.2 Vertroulikheid en anonimiteit

Die versekering is aan die deelnemers gegee dat hulle eie name sowel as die name van die skole weerhou sal word tydens die optekening van die data en dat dit nie bekend gemaak sal word nie. Hulle is verseker dat hulle privaatheid en sensitiwiteit gerespekteer sal word.

1.8 VERDERE SAMESTELLING VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 1 word as inleidende oriëntering beskou.

In **hoofstuk 2** bespreek die navorser literatuur oor veral die kurrikulumkoördineerder asook sy rol en funksie.

In **hoofstuk 3** word die navorsingsontwerp en -metodologie beskryf.

In **hoofstuk 4** word die navorsingsresultate bespreek.

Hoofstuk 5 bevat die samevatting en gevolgtrekkings. `n Teoretiese raamwerk word verskaf en sekere aanbevelings word gemaak.

1.9 SAMEVATTING

Die doel van die navorsingstudie was om die fenomeen van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier in skole te ondersoek. Om antwoorde op die gestelde navorsingsvraag te probeer vind, het die navorser van kwalitatiewe metodes gebruik gemaak om data te genereer.

HOOFSTUK 2

DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER SE ROL EN LEIERSFUNKSIE TEN OPSIGTE VAN KURRIKULUMBESTUUR EN -ONTWIKKELING

2.1 INLEIDING

Binne die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks was daar sedert 1994 verskeie veranderinge, onder andere ook ten opsigte van die kurrikulum. Van hierdie veranderinge het te doen gehad met kurrikulumverandering op nasionale vlak, terwyl ander weer op plaaslike, provinsiale, distriks- en skoolvlak van toepassing was. Kurrikulumverandering gaan gepaard met implementering en implementering vereis weer deeglike kurrikulumbestuur. Uiteraard is daar verskeie vlakke waar hierdie kurrikulumbestuur plaasvind, maar vir die doel van hierdie studie word daar veral op die skoolvlak gefokus.

Op skoolvlak het die skoolhoof die primêre kurrikulumbestuursfunksie, maar hierdie funksie sou na ander vlakke afgewentel kon word. In die Wes-Kaap is daar besluit om die funksie van kurrikulumkoördinering op skoolvlak toe te pas deur ’n kurrikulumkoördineerder as funksionaris aan te wys. Hierdie funksie sou deur enige onderwyser vervul kon word en is nie noodwendig aan bepaalde posvlakke gekoppel nie.

Die navorser se interpretasie van kurrikulumkoördinering is dat ’n spesifieke opvoeder in ’n leiersposisie geplaas word om leiding te gee en ondersteuning te bied ten opsigte van kurrikulumaangeleenthede op skoolvlak. So `n opvoeder het ook dan die verantwoordelikheid om die daaglikse werksaamhede met betrekking tot die kurrikulum te bestuur en te ontwikkel. Hierdie persoon sou dus nie noodwendig die skoolhoof hoef te wees nie.

Soos reeds in 1.5 vermeld, is daar baie min navorsing gedoen oor die kurrikulumfunksies van hierdie funksionaris en gevolglik is min literatuur tot hierdie persone se beskikking indien hulle roluitklaring sou wou hê. Dis egter belangrik om daarop te let dat hierdie funksies wel binne die konteks van kurrikulumbestuur, -leierskap en -koördinering val en dat ’n ondersoek van literatuur ten opsigte van die teoretiese aspekte van kurrikulumleierskap, -bestuur en -ontwikkeling moontlik lig kan werp op die potensiële rolle van die skoolkurrikulumkoördineerder. Ten einde die kurrikulumkoördineerder se leiersfunksie ten opsigte van kurrikulumontwikkeling in perspektief te plaas, is dit eers nodig om die begrippe kurrikulumleierskap en -bestuur toe te lig.

2.2 DIE KONSEP 'KURRIKULUMLEIERSKAP EN -BESTUUR'

Histories is kurrikulumleierskap in skole beskou as die verantwoordelikheid van die prinsipaal en administrateurs, aldus Bailey (1990:3-4). Daar is verskillende redes waarom dit moontlik so was. Eerstens het die literatuur binne die kurrikulumveld self `n organisatoriese perspektief op die kurrikulum geplaas deurdat dit meestal bloot as kurrikulumaktiwiteite beskou is (Owens, 1987; Chapman, 1990; Brady, 1992). Tweedens, alhoewel daar `n teoretiese onderskeid tussen leiers en bestuurders (Kotter, 1988) is, is daar baie diskoerse aangaande leierskap waarvan die verwysingsraamwerk gebou is op tegnologieë van bestuur, administrasie en mag wat dikwels ontstaan het buite die opvoedingsituasie. Bass (1990:11-18) beskou die konsep van leierskap in terme van roldefinisie, magsverhoudinge en die karaktereienskappe wat van `n leier verwag word. So ook fokus Clark en Clark (1996:18-20) op leiers in topposisies as persone van wie sekere vaardighede en karaktereienskappe vereis word.

Kurrikulumleierskap vereis dat kurrikulumleiers vertroud moet wees met `n wye spektrum van kurrikulumteorieë. Leiers moet die verhouding tussen teorie en praktyk verstaan, aldus Glatthorn, Boschee en Whitehead (2006:75). Glatthorn et al. (2006) is verder van mening dat die rol van leierskap `n belangrike element in die sukses van kurrikulumverandering is en dat dit skole gaan beïnvloed. Dit is daarom baie belangrik vir gemeenskappe om erkenning te gee en aanmoediging te verskaf aan suksesvolle leiers wat die vaardighede van hoe om `n verskil in onderrig en leer te maak, demonstreer.

Macpherson en Brooker (2000:2) is weer van mening dat kurrikulumleierskap op daardie aksies dui wat betrekking het op kennis, vaardighede en houdings wat opvoeders handhaaf ten opsigte van die verskillende kurrikulumkontekste. Verder is hulle van mening dat:

- mense belangrik is in enige onderrigleersituasie;

- kurrikulumleierskap `n gedeelde foneem is tussen verskillende rolspelers wat almal `n bydrae maak om die praktyk van kurrikulumleierskap te vorm;
- gemeenskaplike samewerking belangrik is vir die bevordering van kurrikulumleierskap vir effektiewe onderrig en leer; en
- kurrikulumleierskap in enige onderrigleersituasie gevorm word deur drie belangrike kontekstuele faktore, naamlik dit wat deur persone as kurrikulum voorgehou word, die organisatoriese reëlings en die sosiale verhoudings tussen persone.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat kurrikulumleierskap, aldus die betrokke skrywers, ook op die mikrokurrikuleringsaspek ten opsigte van die klaskamer betrekking kan hê, m.a.w. daar waar onderrigleer plaasvind.

Binne onderwys en opleiding word kurrikulumleierskap as `n belangrike funksie beskou. Effektiewe kurrikulumleierskap word gekenmerk deur die vermoë van leiers om goeie leiding te verskaf en langtermyndoelstellings te kan daarstel om die kurrikulum te ondersteun. Die behoefte aan leierskap en beplanning ten opsigte van die skoolkurrikulum is `n gemene deler wat oral in alle onderwyssektore uitgespreek word. Dit is belangrik vir kurrikulumleiers om die verband tussen die teorie en die praktyk te verstaan. Leierskap sal in die toekoms `n belangrike rol speel wanneer die verhouding tussen die praktyk en die teorie hersien word, en hierdie verhouding sal `n steeds veranderende kurrikulum binne die skool affekteer. Kwaliteit-leierskap behels ook `n deeglike kennis van die kurrikulum.

Wat beteken die konsep ‘kurrikulumleier’? Hier volg ’n aantal begrippe soos wat dit in die literatuur aangetref word, gevolg deur ’n werksdefinisie wat vir hierdie studie sal geld.

Soos reeds gemeld, blyk dit volgens Tanner en Tanner (1980:658) dat die persone wat in die posisie van kurrikulumleier optree, verskeie benamings het soos*:* ‘curriculum supervisor’, ‘instructional supervisor’, ‘curriculum coordinator’, ‘director of curriculum’ en ‘curriculum consultant’*.* Wiles en Bondi (1984:129) onderskei weer tussen die terme ‘kurrikulumwerker’ en ‘kurrikulumleier’*.*

The term ‘curriculum worker’ applies to most educators – teachers, central office administrators, or principals. The term ‘curriculum leader’ applies to those persons in leadership roles who have the primary responsibility for planning, coordinating, and/or managing curriculum activities in a school district. Curriculum leaders may be teachers chairing departments or committees, supervisors, and/or school administrators.

Ornstein en Hunkins (2004:23) is van mening dat daar baie verwarring bestaan rondom die gebruik van die begrip kurrikulumwerker weens die vervlegting en die interafhanklikheid daarvan met begrippe soos ‘curriculum supervisor’, ‘curriculum leader’ en ‘curriculum coordinator’. Ornstein en Hunkins (2004:23) onderskei tussen die verskillende rolle wat aan die kurrikulumwerker toegeken kan word:

- **A curriculum worker** is a general term and includes various educators, from teacher to superintendent. Any person involved in some form of curriculum development, implementation or evaluation is a curriculum worker.
- **A curriculum supervisor** is usually a chairperson, **vice-**principal, or principal who works at school level.
- **A curriculum leader** can be a supervisor or administrator – not only a chairperson or principal but also a director or an associate superintendent of curriculum.
- **A curriculum coordinator** usually heads a programme at school, in a district, region, or at state level.
- **A curriculum specialist** is a technical consultant from the district level, region, state department of education, or a university.

Oliva (2005:13) is van mening dat kurrikulum `n veld of vak is wat onderrig word en waarin persone werk:

> The field of curriculum has an array of workers labouring in its name. Mention has already been made of some of the titles they go by: planners, consultants, coordinators, directors and professors of curriculum, to name

> but a few. We can include them under the generic title of curriculum worker or curriculum specialist.

Vervolgens word daardie verskillende rolle wat aan die kurrikulumwerker toegeken word kortliks deur Oliva (2005:14-16) beskryf.

Kurrikulumwerkers

Die verantwoordelikheid van kurrikulumontwikkeling berus by die onderwyser en die leiers na wie daar verwys word as kurrikulumwerkers. Dit is hierdie persone op wie se skouers die verantwoordelikheid rus om toe te sien dat die kurrikulum verbeter word. Onderwysers word beskou as die primêre groep individue in kurrikulumontwikkeling omdat hulle by al die fases van kurrikulumontwikkeling betrokke is. Carl (2002:249) huldig die volgende mening: "Whenever there is talk of curriculum development, the teacher's role comes to the fore." Onderwysers implementeer kurrikulumverandering en pas dit in die klaskamer toe. Voorts is hulle verantwoordelik vir die skryf en ontwerp van kurrikulummateriaal, die evaluering van programme en materiaal asook die implementering van nuwe idees. Onderwysers dien gewoonlik op komitees op verskillende vlakke, te wete die klaskamer, 'n span, 'n graad, 'n departement, 'n skool en 'n distriksvlak. Vir die doel van hierdie studie vorm onderwysers dus 'n belangrike komponent van die groep wat as kurrikulumwerkers beskou word. Die term moet egter nie verkeerd geïnterpreteer word in die sin dat dit 'n tipe hande-arbeid is nie, maar die begrip impliseer steeds soepelheid en vryheid om 'n eie stem en karakter aan die kurrikulum te gee.

Kurrikulumstudieleiers

'n Studieleier word beskou as 'n spesialis wat in drie verskillende domeine werksaam kan wees, te wete instruksionele ontwikkeling, kurrikulumontwikkeling, en laastens, personeel- en, verkieslik, onderwyserontwikkeling. Indien 'n onderwyser in die eerste twee domeine werk, dan vervul die studieleier die rol van 'n instruksionele kurrikulumspesialis. Die kurrikulumwerker of -spesialis is 'n spesifieke soort studieleier met minder verantwoordelikhede as 'n algemene studieleier. Die kurrikulumspesialis en die -studieleier vertolk dieselfde rol wanneer hulle met onderwysers en kurrikulumontwikkeling werk. Die

spesialis is egter nie gemoeid met aktiwiteite soos die evaluering van onderwysers en die organisering van indiensopleidingsprogramme nie; dit is eerder die verantwoordelikhede van die algemene studieleiers.

Kurrikulumleiers

Die kurrikulumleier is gewoonlik ’n lid van die kurrikulumkomitee of raad. Die kurrikulumleier kan ’n lid van die fakulteit of ’n buitestaander wees. Dit is nie akkuraat om te sê dat die kurrikulumleier dié kurrikulumleier is nie omdat enige leierspersoon vervang kan word na ’n sekere periode. So kan onderwysers as leiers dien binne hul spesifieke graad, terwyl ander weer op ’n ander vlak binne die skoolstrukture as leier kan dien. ‘Kurrikulumleier’ is dus ’n generiese, oorkoepelende term wat verskillende funksionarisse insluit en nie noodwendig op een spesifieke funksie dui nie.

Kurrikulumspesialiste

Kurrikulumspesialiste as leiers lewer ’n unieke bydrae om teorie binne die praktyk na kennistoepassing om te skakel. Hulle ondersoek en herondersoek kennis in die veld van kurrikulums asook ander kennisvelde. Kurrikulumspesialiste is in ’n goeie posisie om navorsing oor kurrikulumaangeleenthede te doen. Hulle gebruik die resultate van die navorsing om probleme in kurrikulums te verbeter. Terwyl onderwysers daagliks met probleme ten opsigte van instruksies in die kurrikulum besig is, is die kurrikulumspesialis se doelwit om onderwysers ten opsigte van leierskap te bemagtig.

Uit hierdie omskrywing blyk die beginsels van leidinggewing en bestuur duidelik en dat, in hierdie betrokke gevalle, kurrikulumleierskap aan spesifieke poste of posisies gekoppel kan word. Daar word nie noodwendig met Ornstein en Hunkins (2004:23) saamgestem dat die onderwyser bloot ’n kurrikulumwerker is nie, maar dat daar ook bepaalde leierskap van die onderwyser verwag kan word. Die meeste van die terme, sowel as die verantwoordelikhede en rolle van bogenoemde persone, berus op die filosofie van die organisasie, skool of distrik asook die persoonlike voorkeure en visie van die spesifieke administrasie.

Franken (1994:13) huldig die mening dat daar aan die kurrikulumleier ’n bepaalde dimensie van leierskap toegelig word wat hoofsaaklik fokus op die ontwikkeling van die kurrikulum binne die skoolopset. Ten einde ’n effektiewe leier van die kurrikulum in die skool te kan wees, behoort die kurrikulumleier die kurrikulumontwikkelingsproses te verstaan en in staat te wees om opvoeders te help om die kurrikulum te begryp en te ontwikkel. Sterk leierskap en entoesiastiese opvoeders is van die belangrikste vereistes vir suksesvolle kurrikulumontwikkeling in die skool. Wiles en Bondi (1984:128) beklemtoon die belangrike rol van leierskap in kurrikulumontwikkeling: “Administrators, supervisors and other curriculum workers in leadership roles have to be involved in curriculum improvement.” Ten einde suksesvolle kurrikulumontwikkeling te kan bewerkstellig, is dit belangrik dat alle rolspelers hulself met die kurrikulum moet kan identifiseer.

Die navorser is van mening dat bogenoemde rolle wat aan die verskillende persone as kurrikulumleiers toegeken word, daarop dui dat hierdie persone almal op een of ander wyse betrokke is by leierskap ten opsigte van kurrikulumontwikkeling en -bestuur. Dit is duidelik dat persone wat hierdie verskillende rolle vertolk almal die gemeenskaplike doelwit nastreef om die kurrikulum te ontwikkel en/of te implementeer. Vir die doel van hierdie studie word die werksdefinisie ‘skoolkurrikulumkoördineerder’ gebruik sodat daar lig gewerp kan word op die funksies wat verrig word deur persone in hierdie posisie in skole onder die beheer van die WKOD.

2.3 ENKELE TOEPASLIKE TEORETIESE ASPEKTE VAN KURRIKULUMONTWIKKELING

Om die funksies van die kurrikulumleier te kan verstaan, is dit nodig om kortliks aan te dui wat hierdie proses van kurrikulumontwikkeling behels. Die doel is om slegs toepaslike aspekte uit te lig en nie ’n omvattende omskrywing te gee nie, aangesien dit reeds volledig elders toegelig word, sien Taba (1962); Mostert (1986); Reddy (2000) en Carl (2009). Die hooffokus van hierdie studie is die roltoeligting en -verduideliking van die kurrikulumkoördineerder en nie om ’n volledige omskrywing van kurrikulumontwikkeling en -teorie te gee nie.

Kurrikulumontwikkeling is volgens Carl (2009:37) ’n dinamiese proses wat hom leen tot ’n verskeidenheid interpretasies. Kurrikulumontwikkeling laat hom moeilik definieer op ’n vaste posisie ten opsigte van hierdie fases omdat die vordering van een fase na die ander vervlegting, interafhanklikheid sowel as verandering en ontwikkeling impliseer. Ontwikkeling is in elk van hierdie fases ingebou, aangesien die doel van elke fase juis ontwikkeling is.

Die einddoel of uitkoms van enige kurrikulum is om deur middel van `n meer doeltreffende en sinvolle kurrikulum bepaalde behoeftes aan te spreek met die oog op meer doeltreffende onderwys. Dit streef ook die optimalisering van die onderrigleerproses en die optimale ontwikkeling van die leerder se potensiaal na. Omdat kurrikulumontwerp op verskillende vlakke (makro-, meso-, en mikrovlak) kan plaasvind, is dit belangrik dat die leerder se ontwikkelingsvlak in al die fases in ag geneem behoort te word.

Net soos kurrikulumontwerp op verskillende vlakke plaasvind, kan kurrikulumontwikkeling ook op verskillende vlakke plaasvind, byvoorbeeld die breë gemeenskap se wêreld en lewensbeskouing wat as uitgangspunte vir die opvoedingsbeskouing dien. Die volgende vlak is regeringswetgewing wat voorsiening maak vir die implementering van die opvoedingsbeskouing. Daarna volg die vlakke van die skoolfase- en skooltipebeplanning, leerprogramontwikkeling, die skoolkurrikulum, die vollediger vakkurrikulum en dan die klaskamer- en mikro-kurrikulum. Kurrikulumontwikkeling kan dus as `n breë oorkoepelende proses beskou word wat uit die volgende vier fases bestaan, naamlik dié van kurrikulumontwerp, kurrikulumdisseminasie, kurrikulumimplementering en kurrikulumevaluering.

Die onderstaande model ten opsigte van die fases van kurrikulumontwikkeling (figuur 2.1) illustreer die vervlegtheid en interafhanklikheid van die vier fases.



Figuur 2.1: Fases van kurrikulumontwikkeling
Bron: Carl (2002:54)

Carl (2002:54-55) gee ’n kort beskrywing van die verskillende fases [sien Carl (1986:21-46) en (1988:23-27) vir ’n meer vollediger beskrywing]. Die volgende paragrawe verduidelik die verskillende fases.

Kurrikulumontwerp

Kurrikulumontwerp is ’n fase waartydens ’n nuwe kurrikulum geskep of ’n bestaande een verander en aangepas word nadat ’n volle herevalueringsproses gedoen is. Aspekte soos buigsame beplanning en besluitneming is belangrike aspekte van hierdie proses.

Kurrikulumdisseminasie

Kurrikulumdisseminasie is daardie fase waartydens die gebruikers van die kurrikulum gereed gemaak word vir voorgenome implementering en waar informasie gedissemineer word. Dit word gedoen deur die verspreiding of publikasie van informasie, idees en konsepte en deur middel van indiensopleiding om die gebruikers op hoogte te bring van die betrokke kurrikulum.

Kurrikulumimplementering

Kurrikulumimplementering is die fase waartydens die relevante kurrikulum in die praktyk geïmplementeer word. Effektiewe onderrigleiding is tydens hierdie fase van groot belang.

Kurrikulumevaluering

Kurrikulumevaluering is daardie fase waartydens nie net die sukses en effektiwiteit van die kurrikulum geëvalueer word nie, maar ook die effek daarvan op die leerders.

Dit is tydens hierdie fases dat kurrikulumleiers ruimte behoort te skep vir onderwyserdeelname.

Leierskap speel ’n belangrike rol binne die kurrikulumontwikkelingsproses. Sonder sterk leierskap kan doelwitte en waardes nie gestel word nie en kan planne en aktiwiteite rakende die kurrikulum nie geïmplementeer word nie. Die skoolkurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier het ook dan binne hierdie fases van kurrikulumontwikkeling ’n baie belangrike rol te speel, naamlik om onderwysers te motiveer en te ondersteun om die kurrikulum suksesvol te implementeer. Die kurrikulumkoördineerder behoort die leiding te neem in die selektering van die leerervaringe wanneer daar oor inhoud en doelwitte vir implementering besluit word. Formulering van duidelike doelwitte vorm die basis vir kurrikulumontwikkeling.

Kurrikulumontwikkeling is dus ’n proses wat dit ten doel het om die onderrigleerproses te verbeter. Effektiewe kurrikulumontwikkeling verg sterk kurrikulumleierskap om personeel te bemagtig en te laat ontwikkel sodat kurrikulumverandering effektief geïmplementeer kan word om sodoende te kan tred hou met die uitdagings en behoeftes wat die samelewing stel. Gibbon (1981:57) beklemtoon die belangrike rol van kurrikulumontwikkeling om aan die eise te voldoen wat die samelewing aan die skool stel: “The whole dimension of curriculum development and innovation will make enormous demands on us in the immediate future.” Om aan hierdie eise te voldoen behoort kurrikulumleiers en onderwysers die kurrikulum dinamies te ontwikkel.

Franken (1994:13) is van mening dat kurrikulumontwikkeling reeds beskryf is as ’n dinamiese proses van verandering wat ontwikkeling impliseer. Hy sê ook verder dat kurrikulumontwikkeling ook verandering en vernuwing impliseer, want ’n verandering wat tot gevolg het dat ’n bestaande praktyk vervang word met verbeterde en meer doeltreffende praktyke is sinoniem met vernuwing. Die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier behoort ook daarop te fokus om vernuwing en verandering binne die kurrikulum te bevorder.

Noudat die konsepte ‘kurrikulumleierskap en -bestuur’ en ‘kurrikulumontwikkeling’ breedvoerig bespreek is, gaan daar vervolgens gekyk word na hierdie twee konsepte teen die agtergrond van die WKOD.

2.4 DIE INSTEL VAN ’N STRUKTUUR MET BETREKKING TOT DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER

2.4.1 Die ontstaan van die begrip ‘kurrikulumkoördineerder’

In die huidige onderwysopset is die rol en funksie wat die kurrikulumkoördineerder behoort te verrig nog nie so sterk gevestig in alle skole nie, alhoewel daar tog ’n bepaalde leierskapsfunksie aangaande kurrikulumbestuur in die lynfunksie van die skoolbestuur voorkom. Volgens die PAM-dokument (18 Februarie 1999: C64-C65) van die Nasionale Onderwysdepartement word daar in die werksomskrywing van die prinsipaal duidelik uiteengesit dat die prinsipaal as bestuurder van die skool oorhoofs verantwoordelik is vir kurrikulumontwikkeling en kurrikulumbestuur. Met die koms en implementering van uitkomsgebaseerde onderwys het prinsipale egter hierdie verantwoordelikheid aan hoofsaaklik die adjunk-prinsipaal of die departementshoof toevertrou. Dit het daartoe gelei dat verskillende aspekte soos kurrikulumlewering, kurrikulumontwikkeling en kurrikulumbestuur deur een koördineerder hanteer sou word. Ongelukkig is daar nie bronne beskikbaar wat die instel van hierdie funksionaris omskryf nie en kan dit slegs op hierdie wyse beskryf word.

Daar is besluit om hierdie verantwoordelikheid aan ’n bepaalde persoon toe te vertrou, naamlik die sogenaamde skoolkurrikulumkoördineerder. Op hierdie wyse het die kwessie van kurrikulumkoördinering die mede-verantwoordelikheid van ook ’n ander funksionaris as net die skoolhoof geword. Skole het daarna begin om hierdie funksionaris aan te stel. Dit is egter gedoen sonder dat die provinsiale óf die nasionale onderwysdepartement enige duidelike beleid, riglyne of raamwerk ten opsigte van die werksomskrywing van die kurrikulumkoördineerder daargestel het. Opvoeders moes self probeer uitvind wat hulle rolle en funksies is en hulself bemagtig om hierdie funksie te kon vervul. Volgens die navorser was dit dikwels ’n departementshoof wat die meeste kennis aangaande die kurrikulumkwessies gehad het en is die persoon dan deur die skoolhoof spesifiek vir hierdie doel benut.

Noudat die ontstaan van die konsep ‘kurrikulumkoördineerder’ meer toegelig is, is dit belangrik om die posisie van die kurrikulumkoördineerder in kurrikulumontwikkeling en -bestuur te ondersoek. Vervolgens sal daar gekyk word na die posisie van die kurrikulumkoördineerder in die bestuur van die kurrikulum binne ’n primêre skool.

2.4.2 Die kurrikulumkoördineerder se posisie as deel van die skoolbestuur

Die posisie van die kurrikulumkoördineerder kan soos volg in die hiërargie van `n skool voorgestel word (figuur 2.2):



(eie voorstelling)

Figuur 2.2: Kurrikulumleweringsfunksie binne ’n skool

Die voorstelling ten opsigte van die posisie van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier (figuur 2.2) illustreer die interafhanklikheid en interaksie tussen die verskillende rolspelers ten opsigte van die kurrikuleringsproses binne die skoolstruktuur. Dit is binne hierdie interaktiewe proses dat die kurrikulumkoördineerder ruimte behoort te skep vir opvoedersdeelname wat kan lei tot suksesvolle kurrikulumontwikkeling.

Dit is nodig om dit duidelik te stel dat die posisie van die kurrikulumkoördineerder, soos aangedui in figuur 2.2, slegs ’n voorbeeld is van hoe hierdie posisie binne `n bepaalde groot primêre skool waargeneem kan word; dit is nie die algemene praktyk nie. Daar moet ook kennis geneem word dat die woord ‘kurrikulumkoördineerder’ nie ’n formele posbenaming binne die skoolstruktuur is nie, omdat dit nie ’n amptelike pos is wat deur die onderwysdepartement geadverteer word nie. Hierdie funksionaris van die kurrikulumkoördineerder is slegs vir goeie praktyk in skole ingestel om effektiewe kurrikulumontwikkeling te probeer bevorder.

Samevattend uit die voorafgaande is dit die navorser se mening dat die kurrikulumkoördineerder as effektiewe kurrikulumleier ’n belangrike leiersrol te speel het ten opsigte van verandering en vernuwing in kurrikulumontwikkeling, maar dat hierdie rolle dan duideliker uitgespel en toegelig behoort te word. Die betrokke struktuur is geskep sonder duidelike riglyne oor wat die betrokke leiersfunksies sou wees. Hy/sy behoort dus in staat te wees om hierdie rol as funksionaris te kan verrig om sodoende as skakeling te kan dien tussen ander leierstrukture en die kurrikulum. Daarom is dit belangrik om vervolgens te kyk na die rol en die leiersfunksie van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier binne hierdie bepaalde werkskonteks.

Ten einde die kurrikulumkoördineerder se rol en leiersfunksie ten opsigte van kurrikulumontwikkeling in perspektief te plaas, is dit noodsaaklik om algemene perspektiewe aangaande die kurrikulumleier toe te lig.

2.5 DIE MOONTLIKE ROL EN LEIERSFUNKSIE VAN DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER BINNE ONDERRIG EN LEER

2.5.1 Inleiding

Na aanleiding van voorafgaande inligting oor die posisie waar ’n kurrikulumkoördineerder moontlik binne die lynbestuursfunksie van ’n skool werksaam behoort te wees, kan die aanname gemaak word dat die interafhanklikheid en die interaksie tussen die verskillende rolspelers ten opsigte van kurrikulumontwikkeling en -bestuur binne ’n skool moontlik ’n groot invloed op die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder hê. Daar is dus ’n ingewikkelde netwerk van rolspelers en dinamika binne ’n skoolstruktuur wat ’n direkte uitwerking op kurrikulumfunksionering het. Die kurrikulumkoördineerder kan alleenlik verandering en ontwikkeling in die klaskamerpraktyk bewerkstellig as hy/sy die ondersteuning van die opvoeders het. Die moontlike rol en leiersfunksie van die skoolkurrikulumkoördineerder teenoor kurrikulumontwikkeling en -bestuur word vervolgens verder toegelig.

2.5.2 Die rol van die skoolkurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier

Volgens Wiles en Bondi (1984:129) is die term ‘kurrikulumleier’ van toepassing op die meeste opvoeders, administrateurs en/of skoolhoofde omdat elkeen van hierdie persone ’n leier in eie reg is. Die term ‘kurrikulumleier’ is weer van toepassing op daardie persone in ’n leierskapsrol wat primêr verantwoordelik is vir die beplanning, koördinering, en/of die bestuur van kurrikulumaktiwiteite in ’n skool.

Omdat kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers hoofsaaklik verantwoordelik is vir kurrikulumontwikkeling en -bestuur, is die navorser van mening dat beide bogenoemde sienswyses ook van toepassing is op die funksies wat die skoolkurrikulumkoördineerder behoort te verrig. Dit is dus daarom belangrik vir die kurrikulumkoördineerder om op hoogte te bly van die nuutste ontwikkelinge in die

bestuur van die skoolkurrikulum asook die gebruik van ondersteuningsmateriaal wat benodig word om vernuwing te implementeer.

Wiles en Bondi (1984:129) is van mening dat "[t]he identification of curriculum leaders who can facilitate curriculum development is essential to the success of any change process". Vir 'n kurrikulumkoördineerder om suksesvol te wees in kurrikulumontwikkeling en -bestuur is goeie menseverhoudings van uiterste belang. Dit is daarom belangrik dat die kurrikulumkoördineerder oor 'n reeks vaardighede beskik wat hom/haar in staat sal stel om aktiwiteite in die kurrikulum te koördineer en te ontwikkel. Wiles en Bondi (1984:129) noem die vermoëns waaroor 'n kurrikulumleier behoort te beskik.

Die navorser is van mening dat, indien daar gekyk word na die huidige Suid-Afrikaanse onderwysopset, die volgende vermoëns ook kenmerkend kan wees van die skoolkurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier, naamlik:

- Hy/sy moet `n jaarplan wat op kurrikulumbeplanning fokus kan ontwikkel en implementeer.
- Hy/sy moet opvoeders help en aanmoedig om kreatief te wees en om verskillende metodes te gebruik om uitkomstes te bereik.
- Die persoon is verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n program vir deurlopende kurrikulumontwikkeling.
- Die persoon moet as 'n primêre hulpbron vir opvoeders kan dien.
- Die skoolkurrikulumkoördineerder moet help met die integrasie van die verskillende leerareas binne die kurrikulum as geheel.
- Hy/Sy moet die huidige onderwysveranderinge evalueer en moet kennis dra van die filosofiese basisse van hierdie veranderinge.
- Die behoeftes van die gemeenskap en individuele leerders moet in ag geneem word met die beplanning en ontwikkeling van programme op alle vlakke.
- Kurrikulumveranderinge behoort vertikaal sowel as horisontaal gekommunikeer te word.

- Die behoeftes van onderwysers wat vir kurrikuluminnovasie beplan moet geïdentifiseer, aanvaar en geantisipeer word.
- Voortdurende deurlopende evaluering van bestaande programme is essensieel.

Leierskap vorm ’n belangrike faset van kurrikulumontwikkeling. Sonder sterk leierskap sal verbetering in waardes en doelwitte nie bereik kan word nie. Planne sal ook nie opgestel en geïmplementeer kan word nie. Leierskap bly ’n belangrike element in onderwysvernuwing. Leierskap in kurrikulum is nie ’n funksie van titel of aanstelling nie. Die taak sowel as die rol van die kurrikulumleier is omvattend en veelsydig. Die taak as leier verskil van organisasie tot organisasie en van werksituasie tot werksituasie, alhoewel daar tog ’n generiese taakomskrywing bestaan in kurrikulumleierskap. Wiles en Bondi (1984:193) noem die volgende generiese take van ’n kurrikulumleier:

Die ontwikkeling van ’n operasionele teorie

Leiers moet oor die vermoë beskik om take te kan konseptualiseer en moet die benadering tot daardie spesifieke take aan ander lede van die organisasie kan kommunikeer. Die identifisering van take en die optrede daarna vorm die basis van die operasionele teorie.

Die ontwikkeling van die organisasie en die skep van ’n werksomgewing

Kurrikulumtake is somtyds nie permanent van aard nie en word aangepas by die behoeftes van die skool. In hierdie geval rus die onus op die kurrikulumleier om persone, hulpbronne en idees te organiseer. ’n Belangrike taak is egter om die organisasie so te kan struktureer dat ’n werksklimaat geskep kan word wat in daardie behoeftes voorsien.

Standaardstelling

Omdat kurrikulumprobleme dikwels ’n diverse groep persone met verskillende behoeftes en persepsies insluit, is die stel van standaarde en verwagtinge belangrik omdat dit die oplossing van probleme beïnvloed. Hierdie standaarde sluit

werksgewoontes, kommunikasie, prosedures, tydsaspekte en/of ’n reeks relevante beplannings in.

Die gebruik van mag om ’n organisatoriese klimaat te skep

Persone wat die funksie van leierskap opgelê word, beskik dikwels oor die vermoë om struktuur in die organisasie te skep deur verandering voor te stel en beleide te implementeer. Dit is belangrik vir die kurrikulumleier om hierdie mag te gebruik om ’n geskikte werksomgewing te probeer skep.

Die vestiging van ’n effektiewe interpersoonlike verhouding

Omdat leierskap ’n produk is van menslike interaksies, is dit die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier se grootste uitdaging om belangrike onderwysveranderinge in die kurrikulum met die hulp van die personeel te implementeer. Wanneer kurrikulumverandering plaasvind, is dit belangrik dat kurrikulumkoördineerders ’n baie duidelike uiteensetting van die kurrikulumprobleem sal gee. Dit is hulle taak om te verduidelik wat die kurrikulumkundiges adviseer, watter navorsing en eksperimentering reeds in die verband gedoen is en hoe ander skoolstelsels die probleem suksesvol aangespreek het.

Die aanname kan dus gemaak word dat die rol van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier `n wye reeks aktiwiteite en verantwoordelikhede insluit. Stark, Briggs en Poplawski (2002:343) is van mening dat die rol wat die koördineerder in kurrikulumleierskap speel, is om struktuur en taakgeoriënteerdheid te vestig en om kurrikulumbesluite te implementeer.

Vir die skoolkurrikulumkoördineerder is dit belangrik om die verantwoordelikheid te aanvaar om kurrikulumaktiwiteite te koördineer en om die implementering van beleid te verseker. Die kurrikulumkoördineerder moet verseker dat leerders die geskikte onderrig ontvang in die areas wat deur die skool geïdentifiseer is. Die kurrikulumkoördineerder moet opvoeders help om die kurrikulum te verstaan. Verbeterde onderrig en leer behoort die primêre fokus van die

skoolkurrikulumkoördineerder te wees en hy/sy moet daarom met opvoeders saamwerk om dit te bereik.

2.5.3 Kennis, vaardighede en houding van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier

Vir kurrikulumkoördineerders wat effektiewe kurrikulumleiers wil wees, is dit noodsaaklik om oor sekere kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van kurrikulumontwikkeling te beskik. Hul houdings teenoor verandering en vernuwing ten opsigte van die kurrikulum sal kan bepaal in watter mate kurrikulumontwikkeling in die skool tot sy reg kan geskied. Die kennis waaroor die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier behoort te beskik, sal vervolgens toegelig word.

Carl (1993:13) is van mening dat kurrikulumleiers deeglike kennis behoort te hê ten opsigte van hul rol in die kurrikulumontwikkelingsproses. Dit beteken dat daar duidelikheid moet wees oor wat hul funksie is betreffende die ontwerp, disseminasie, implementering en evaluering van die kurrikulum om personeel te kan ondersteun en die nodige leiding te kan gee. Bepaalde kennis en vaardighede word vereis om hierdie funksie te kan uitvoer. Glatthorn et al. (2006:75) noem dat kurrikulumleiers kennis van ’n breë spektrum van kurrikulumteorieë behoort te hê, dat hulle die verhouding tussen die teorie en die praktyk goed moet verstaan en ook begrip moet hê vir die impak wat dit op skole mag hê.

Die houding van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier teenoor kurrikulumontwikkeling en -bestuur verdien verdere toeligting. Pajak en McAfee (1992:27) verwys na ’n verskeidenheid van vaardighede waaroor die kurrikulumleier behoort te beskik. Dit sluit in: persoonlike ontwikkeling ten opsigte van die kurrikulum, ondersteuning aan opvoeders en die aanmoediging van eienaarskap, ontwikkeling van kurrikulummateriaal, handboekseleksies, integrering, tydskedulering, prioriteitsbepaling en die implementering en monitering van loodsprojekte.

In ons huidige onderwysopset is dit uiters belangrik dat die skoolkurrikulumkoördineerder die nodige kennis, houding en vaardighede ten opsigte van die kurrikulum moet hê. Die navorser is van mening dat onderwysers in die praktyk nie altyd die huidige kurrikulum verstaan nie en daarom dit moeilik vind om te implementeer. Die aanname kan dus gemaak word dat die kurrikulumkoördineerder hom/haar voortdurend moet bemagtig ten opsigte van kurrikulumontwikkeling. Slegs dan sal hy/sy in staat wees om die nodige vaardighede en houding te kan demonstreer wat nodig is om leiding en ondersteuning aan onderwysers te gee.

2.5.4 Verantwoordelikhede van die kurrikulumkoördineerder

Die verantwoordelikhede van die kurrikulumkoördineerder is binne die skoolstelsel identifiseerbaar; maar nie duidelik nie omdat verskillende persone die rol van die kurrikulumwerker in verskillende hoedanighede kan vertolk. Elke persoon wat hierdie posisie beklee, het tans in die Wes-Kaapse konteks verskillende verantwoordelikhede, behoeftes en verwagtinge aangaande kurrikulumontwikkeling. Om rolduidelikheid te verkry, moet daar dus aanpassings gemaak word na gelang van die posisie waarin die persoon die rol vertolk. So, byvoorbeeld, kan die opvoeder wat as kurrikulumleier optree, ook verantwoordelik wees om leiding en instruksies te gee. ’n Prinsipaal as kurrikulumleier is verantwoordelik vir die bestuur van en ondersteuning aan onderwysers.

Waar daar ’n behoefte ontstaan om duidelikheid te verkry oor die verantwoordelikhede van die kurrikulumwerker, word die volgende deur Ornstein en Hunkins (2004:24) as belangrik beskou:

Die kurrikulumleier moet strategieë en instrumente help ontwikkel om kurrikulumbeplanning binne die skool uit te voer.

- Hy/sy moet toesien dat die teorie met die praktyk geïntegreer word en dat onderwysers toepaslike kurrikulumkennis verkry om in die klaskamer toe te pas.
- Verder is dit belangrik dat die kurrikulumleier eenstemmigheid moet verkry oor wat in kurrikulumontwikkeling betrokke is en wat die verhouding tussen die elemente van die kurrikulum is.
- Die kurrikulumleier moet as vernuwingsagent optree en moet altyd die skool se konteks met dié van die gemeenskap in ag neem wanneer daar probeer word om vernuwing te implementeer.
- Die kurrikulumleier behoort ook leiding te gee aan kollegas in die ontwikkeling van ’n gemeenskaplike kurrikulummissie en algemene kurrikulumdoelstellings vir die skool.
- Daar behoort voorts ruimte geskep te word vir vernuwing binne die kurrikulum.
- Gereelde skakeling met ouers, die gemeenskap en professionele groepe is baie belangrik.
- Die ontwerp van ’n program van deurlopende kurrikulumontwikkeling, -implementering en -evaluering is van uiterste belang sodat integrering van die leerareas en grade binne die kurrikulum kan plaasvind. Daarom is dit die verantwoordelikheid van die kurrikulumleier om op hoogte te wees van huidige navorsing in onderrig en leer.

Ander bronne identifiseer ander verantwoordelikhede en werksaamhede van die kurrikulumleier. Vervolgens word daar gekyk na verantwoordelikhede en werksaamhede soos voorgestel deur Doll (1992:494-496) en Glatthorn (1987:144). Tabel 2.1 dui die verantwoordelikhede en werksaamhede van die kurrikulumleier aan.

TABEL 2.1: VERGELYKING VAN VERANTWOORDELIKHEDE EN WERKSAAMHEDE VAN DIE KURRIKULUMLEIER SOOS VOORGESTEL DEUR DOLL EN GLATTHORN

DOLL (1992)	GLATTHORN (1987)
1. Beplan vir die verbetering van die kurrikulum en die kurrikulumontwikkelingsprogram. 2. Help om die toepaslikheid van die kurrikulum en die kwaliteit van die kurrikulumontwikkelingsprogram deurgaans te evalueer. 3. Gee rigting aangaande die standpunt m.b.t. beleid en filosofie van die opvoeding. 4. Bestuur die ontwikkeling van kurrikulumontwikkeling. 5. Gebruik navorsingsdata en bevorder plaaslike navorsing. 6. Koördineer aktiwiteite van personeel en opsieners. 7. Werk met adviserende personeel om die kurrikulum te integreer. 8. Verseker deelname in kurrikulum-verbetering. 9. Bepaal beskikbaarheid van tyd, fasiliteite en materiaal vir kurrikulumontwikkeling. 10. Verskaf hulp aan skool, personeel, tegniese konsultante en adviseurs ten opsigte van kurrikulum probleme. 11. Organiseer en bestuur spesiale indiensopleidingsprojekte. 12. Interpreteer die kurrikulum vir die publiek en ander rolspelers in die onderwys. 13. Moedig die bevordering van idees t.o.v. die skoolstelsel aan.	1. Bepaal die standpunt aangaande beplanningsbesluitneming: differensieer tussen distriks- en skoolverantwoordelikheid. 2. Bepaal die organisatoriese strukture binne die organisasie wat benodig word om beplanning te fasiliteer en om strukture in plek te sit. 3. Identifiseer leierskapsfunksies en bestuur dit effektief. 4. Rig die distrik se onderwysdoel-witte met die geskikte kurrikulum-velde. 5. Ontwikkel ’n kurrikulumdatabasis. 6. Ontwikkel ’n beplanningskalender gebaseer op prioriteite van die organisasie. 7. Doen ’n behoeftebepaling in hoë-prioriteitareas deur gebruik te maak van gestandaardiseerde en kurrikulumverwysende toetse, ander metodes en databronne deur gebruik te maak van die assesseringsresultate om die kurrikulum te ontwikkel en te verbeter. 8. Organiseer werkgroepe om verbeterde projekte uit te voer en hul werk te monitor. 9. Evalueer die ontwikkeling en verbetering van projekte. 10. Maak die nodige veranderinge in die organisasie en maak voorsiening vir implementering. 11. Verkry hulpbronne vir nuwe of hersiene kurrikulums. 12. Maak voorsiening vir personeelontwikkeling wat nodig is vir effektiewe implementering.

Dit is vir die kurrikulumkoördineerder belangrik om bogenoemde werksaamhede en verantwoordelikhede in die praktyk toe te pas sodat kurrikulumontwikkeling en -bestuur doeltreffend toegepas kan word in die skoolstelsel. Die verantwoordelikhede soos voorgestel deur Doll in kolom 1 is meer prosesgeoriënteerd en oor ’n wye veld versprei, terwyl die verantwoordelikhede soos voorgestel deur Glatthorn in kolom 2 meer taakgeoriënteerd en uitkomsgerig is. Die verantwoordelikhede soos in beide kolomme vermeld, is meer tradisioneel van aard en sluit die onderwyser uit omdat dit meer op die skool gerig is. Die skoolkurrikulumkoördineerder behoort dus die belangrikheid en noodsaaklikheid van hierdie verantwoordelikhede te besef sodat die onderwyser deel kan vorm van die besluitnemingsproses tydens kurrikulumontwikkeling.

2.5.5 Samevatting

Vir kurrikulumkoördineerders wat effektiewe kurrikulumleiers wil wees, is dit noodsaaklik om oor bepaalde kurrikulumkennis, -vaardighede en -houdings te beskik. Koördineerders behoort gemotiveerd te wees en dinamiese leiding te kan bied in die bereiking van die skool se kurrikulumdoelstellings. As kurrikulumleiers is dit noodsaaklik dat hulle aan opvoeders die nodige hulp en ondersteuning verleen ten einde die kurrikulum te verbeter. Kurrikulumkoördineerders wat ontwikkelingsprogramme fasiliteer, stel opvoeders bloot aan opleiding om effektiewe onderrig te kan bevorder. Om hierin suksesvol te kan wees, is dit wenslik vir koördineerders om vernuwing en verandering onder opvoeders te bestuur en te fasiliteer. Hierdie aspek geniet ook vervolgens aandag.

2.6 DIE KURRIKULUMKOÖRDINEERDER AS KURRIKULUMLEIER IN VERNUWING EN VERANDERING

2.6.1 Inleiding

Die skoolkurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier behoort ook deeglik bewus te wees daarvan dat dit belangrik is om kurrikulumverandering en -vernuwing deurlopend te bestuur en te fasiliteer. Ornstein en Hunkins (1988:70) wys daarop dat kurrikulumontwikkeling, wat inderwaarheid ’n veranderingproses is, ’n groepproses is waarby individue betrokke is. Wiles en Bondi (1984**:**194) huldig weer die mening, *“*Curriculum improvement is always a case of curriculum change.*”* Die koördineerder behoort daarom die rol van vernuwingsagent te aanvaar ten einde verandering en vernuwing in die kurrikulum te verseker en om sodoende ’n geskikte vernuwingsklimaat in die skool te help skep. Franken (1994:22) is van mening dat die kurrikulumleier behoort te verseker dat alle personeellede deel voel van die verandering. Soos Lumby in Thurlow, Bush en Coleman (2003:111) tereg opmerk: *“*Change is a perpetual motion and will happen, but its direction and speed can only be influenced if the process is led.” Binne so ’n klimaat kan die kurrikulumkoördineerder ’n belangrike leiersrol vertolk om te help dat personeellede geborge voel en om te verseker dat hulle bereidwillig sal wees om kreatief by kurrikulumontwikkeling betrokke te raak.

2.6.2 Die kurrikulumkoördineerder as vernuwingsagent binne verandering en vernuwing

By Glatthorn et al. (2006:258) bestaan daar min twyfel dat die sukses van die kurrikulumleier grootliks afhang van die bestaan van ’n gedeelde visie en ’n strategies-ontwikkelde plan vir implementering. Die ontwikkeling van ’n visie vir verandering en die inbou daarvan binne ’n strategiese plan met die oog op die realisering daarvan, is belangrike elemente van hierdie proses. Gorton (1976:245) wys ook daarop dat die vernuwingsagent nie slegs moet aandag gee aan die kurrikulum nie, maar ook aan die opvoeders wat self die kurrikulumagente is.

Omdat kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers ook die verantwoordelikheid het om verandering en vernuwing in die kurrikulum te bewerkstellig, vertolk hul ook die rol van vernuwingsagente. Volgens Gorton (1976:68) is die rol van die vernuwingsagent kompleks en sluit dit die volgende in:

- Ontwikkeling van ’n gedeelde visie
- Formulering van assesseringsbehoeftes
- Die ontwikkeling of selektering van ’n innovasie
- Die identifisering van groepe vir voorgestelde verandering
- Antisipering van probleme en teenstand teen die voorgestelde vernuwing
- Die formulering van ’n plan
- Die evaluering van die plan en die maak van nodige veranderinge aan die plan

Die sukses van ’n kurrikulumleier as vernuwingsagent hang grootliks af van die formulering van ’n gedeelde visie en die ontwikkeling van ’n strategiese plan vir die implementering van die vernuwingsproses. ’n Veranderende visie en die ontwikkeling van ’n strategiese plan is die belangrikste aspekte van die vernuwingsproses en dit behoort riglyne in te sluit wat rigting aan hierdie proses verskaf. Franken (1994:31) is weer van mening dat die vernuwingsagent vir wie deelnemende besluitneming baie belangrik is, die personeel moet saamsnoer rondom ’n gedeelde visie. Hierdie gedagte openbaar kenmerke van transformatiewe leierskap waar personeellede tot uitnemende diens verbind is. Kurrikulumkoördineerders as vernuwingsagente moet oor sterk en goeie leierseienskappe beskik. Hulle moet mense positief kan beïnvloed en motiveer. Hul karakters behoort van so ’n aard te wees dat hul hoë professionele aansien geniet en hulle hul kollegas saam met hul kan neem in die proses van kurrikulumverandering.

Kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers vertolk belangrike rolle as vernuwingsagente in die skool- en vakkurrikulums. Die wyse waarop hulle kollegas

by besluitneming betrek en hul bemagtig ten opsigte van kurrikulumverandering, behoort in ’n groot mate die gewilligheid van die personeel te bepaal om wel te verander en te vernuwe.

Wiles en Bondi (1993:216) beskryf verandering so: “Change is not a haphazard process, but one that is the result of a concented effort to influence the educational environment.” Die navorser stem saam dat verandering nie ’n lukrake proses is nie, maar dat dit goed deurdink en beplan behoort te word. Dit behoort ’n gesamentlike poging deur administrateurs en opvoeders te wees om die opvoedkundige omgewing tot voordeel van die kind te beïnvloed.

Dit is die kurrikulumkoördineerder se verantwoordelikheid om vernuwing, nie alleen binne groepsverband te fasiliteer nie, maar ook gereeld te evalueer sodat vernuwing tot verbetering in die onderrigleerproses in die klaskamer kan lei.

Volgens Carl (1986:154) is die kurrikulumleier verantwoordelik vir die nodige indiensopleiding ten opsigte van vernuwing en vir deurlopende evaluering ten opsigte van geïmplementeerde verandering. Verder behoort die vernuwingsagent ’n klimaat van oop kommunikasie en onderwysdeelname te skep waarbinne kurrikulumontwikkeling kan floreer.

Om aan hierdie eise te voldoen, kan die kurrikulumkoördineerder as vernuwingsagent verskillende rolle vertolk. Volgens Havelock (soos deur Du Toit 1989:33 vermeld) vertolk die kurrikulumleier verskillende rolle in hierdie verband. Hierdie rolle kan ook in ons huidige onderwysopset van toepassing gemaak word op kurrikulumkoördineerders omdat hulle die mede-verantwoordelikheid vir die bestuur van die kurrikulum binne die skoolstelsel het.
Havelock (soos deur Du Toit 1989:33 vermeld) noem die volgende rolle:

- Katalisator: Die kurrikulumkoördineerder motiveer vernuwing deur aan die personeel bekend te maak dat daar ontevredenheid bestaan ten opsigte van die kurrikulum.
- Probleemoplosser: Die kurrikulumkoördineerder verskaf moontlike oplossings vir die probleem.
- Geleentheidskepper: Die kurrikulumkoördineerder sit die veranderingsproses aan die gang deur oplossings te bedink en aanpassings aan die kurrikulum te maak. Hy/Sy is dus in werklikheid ’n geleentheidskepper.
- Bronneskakel: Die kurrikulumkoördineerder help met die verskaffing van bronne soos handboeke, leermiddels en ander kurrikulummateriaal om in die opvoeders se behoeftes te voorsien.

Hierdie rolle van die vernuwingsagent kan nie heeltemal geskei word nie en geskied dikwels gelyktydig. Vir die kurrikulumkoördineerder is dit belangrik om te besef dat daar altyd ’n mate van leierskap nodig is om vernuwing onder kollegas aan te moedig. Die vernuwingsagent behoort ’n fasiliteerder van vernuwing te wees en moet bereid wees om te waag. Soos Franken (1994:33) dit tereg stel:

> Effektiewe kommunikasie met die personeel, maar ook met die ouers en gemeenskap is noodsaaklik om die verandering oor te dra. Die skep van ’n vernuwingsklimaat kan beskou word as een van die belangrikste verantwoordelikhede van die kurrikulumkoördineerder as vernuwingsagent.

2.7 SAMEVATTING

Dit is belangrik vir kurrikulumkoördineerders om oor grondige kurrikulumteorie en kurrikulumvaardighede te beskik. Dit sal verseker dat hulle die implementering van kurrikulumverandering suksesvol kan toepas. Hulle behoort bewus te wees van die

belangrikheid van ondersteuning en leidinggewing met betrekking tot kurrikulumaangeleenthede.

Daarom is dit belangrik dat verandering en vernuwing gedurig deel uitmaak van opvoeding en onderwys in die onderrigleerproses. Met ander woorde, daar moet tred gehou word met die eise en behoeftes wat die samelewing stel. Om hieraan te voldoen behoort verandering en vernuwing in die onderwys bevorder te word. Die kurrikulumkoördineerder as ’n kurrikulumleier speel onteenseglik ’n belangrike rol in die bevordering van verandering en vernuwing.

As kurrikulumleiers behoort kurrikulumkoördineerders die uitdaging te aanvaar om sterk leiding te neem ten opsigte van die kurrikulumontwikkelingsproses. As opvoedkundige leiers is kurrikulumleiers ook onderrigleiers en verantwoordelik vir die onderrigleer in die skool. Hierdie aspek verwys direk na hul rol as kurrikulumleiers.

Ten einde te voldoen aan die vele uitdagings wat die samelewing aan die onderwys stel, behoort kurrikulumkoördineerders kreatief en vernuwend op te tree ten opsigte van die kurrikulum. Dit sal hul taak wees om met sterk leierskap opvoeders te motiveer en te ondersteun om betrokke te raak by kurrikulumontwikkeling. Kurrikulumleiers behoort oor grondige kurrikulumkennis en -vaardighede te beskik.

Die navorsingsontwerp en -metodologie van die studie word vervolgens in hoofstuk 3 behandel.

HOOFSTUK DRIE

NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

3.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande hoofstukke is dit duidelik dat daar onsekerheid is oor wat die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder by skole is of behoort te wees. Die probleem wat dus in hierdie studie ondersoek is, is: Die kurrikulumkoördineerders op skoolvlak is nie behoorlik op hoogte en toegerus ten opsigte van hul rol en funksies as kurrikulumleiers en -koördineerders nie.

In hoofstuk 1 van hierdie studie is die volgende navorsingsvraag gestel: Wat behels die rol en funksie van `n kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier? Uit die identifisering van die behoefte soos deur die navorser in hoofstuk 1 vermeld, kon so `n ondersoek lei tot die daarstel van duidelike riglyne en moontlike kriteria wat die aard en omvang van die werk van `n kurrikulumkoördineerder omskryf. Die navorser wou dus deur middel van hierdie ondersoek poog om duidelike beleid en riglyne met betrekking tot `n taakomskrywing daarstel oor hoe hierdie funksie moontlik vervul kan word.

Om die navorsingsvraag te kan beantwoord moes daar `n stel riglyne en instruksies gevolg word (Mouton, 1996:107). Hierdie stel riglyne en instruksies staan as die navorsingsontwerp bekend en word in hierdie hoofstuk bespreek. Daarmee saam word ook die eenheid van analise en die datagenereringsmetodes, sowel as die data-analise self, omskryf.

Vervolgens word die navorsingsvraag as deel van die studie bespreek.

3.2 NAVORSINGSVRAAG

Daar is reeds in hoofstuk 1 (sien 1.2) genoem dat die kurrikulumkoördineerder sedert 1994 `n baie belangrike funksionaris in die bestuur van kwaliteit-leerervarings vir almal in die onderrigleerproses geword het. Die kurrikulumkoördineeder as funksionaris en kurrikulumleier is `n relatief nuwe konsep in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, spesifiek binne die Wes-Kaapse Onderwysdepartement. Omdat daar tot dusver geen navorsing oor hierdie onderwerp in Suid-Afrika gedoen is nie, ontstaan die vraag tereg oor wat die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder ten opsigte van kurrikulumontwikkeling is.

In hoofstuk 1 van hierdie studie is die identifisering van die persepsies en ervarings van kurrikulumkoördineerders ten opsigte van kurrikulumbestuur en kurrikulumontwikkeling as hooffokus gestel. Vir die navorser om hierdie primêre doelstelling van die studie, naamlik om die persepsies en ervarings van die kurrikulumkoördineerder ten opsigte van kurrikulumbestuur en kurrikulumontwikkeling binne ’n bepaalde skoolkonteks en omgewing te identifiseer en te omskryf, asook om `n teoretiese raamwerk te ontwikkel wat as moontlike riglyn vir kurrikulumkoördineerders ten opsigte van hul leiersfunksie kan dien, as deel van die navorsingsvraag te beantwoord, moet die navorser volgens Mouton (1996:107) `n stel riglyne en instruksies volg. Die navorsingsontwerp word in die volgende afdeling bespreek.

3.3 NAVORSINGSONTWERP

3.3.1 Inleiding

`n Navorsingsontwerp word as `n strategiese raamwerk (Durrheim, 1999:29; Mouton, 2001:55) of die ‘plan of bloudruk’ van hoe die navorser die navorsing gaan uitvoer, beskryf. Hierdie plan, tesame met die navorsingsparadigma, sal uiteindelik bepaal watter spesifieke navorsingsmetodologie die mees geskikte vir die navorsing is. Punch (1998:150) is van mening dat die navorsingsontwerp as fase tussen die

navorsingsvraag en die data voorkom, en dat dit aantoon hoe die navorsingsvraag met die data verbind word. Die navorsingsontwerp verskaf dus `n volledige plan vir die prosedures of basiese formaat wat die navorser moet volg om die data in te samel en te ontleed. Leedy en Ormrod (2001:91) is voorts van mening dat die navorser in sy ondersoek meer doeltreffend en effektief kan wees indien die bronne, prosedures en data aan die begin van die projek geïdentifiseer word. Die navorsingsvraag wat die sentrale doel van die studie verwoord, behoort altyd in gedagte gehou te word.

Dit is belangrik vir die navorser om te besef dat navorsing beplanning vereis. Tydens die navorsingsproses word daar met werklike data gewerk en daarom is `n raamwerk nodig om die verhoudings tussen data en gebeure te sorteer en te organiseer. So `n raamwerk vir waarneming en verstaan word `n paradigma genoem.

3.3.2 Navorsingsparadigma en doel van navorsing

`n Paradigma is `n denkwyse of ʼn manier om na die wêreld of na mense se sosiale lewens te kyk (Babbie 2001:43). Paradigmas as logiese sisteme of teoretiese verwysingsraamwerke bestaan, volgens Mertens (1998:6), uit sekere aannames (ontologies, epistemologies en metodologies) wat die navorser se denke en handelinge lei en rig. Durrheim (1999:36) is van mening dat paradigmas as perspektiewe dien wat `n rasionaal vir die navorsing verskaf en die navorser tot bepaalde data-insamelingsmetodes, waarnemings en interpretasies verbind.

Vir die navorser om die navorsingsvraag van hierdie studie te beantwoord is ʼn kwalitatiewe navorsingsontwerp gekies om die studie te laat realiseer. Die kwalitatiewe navorsingsontwerp is gesetel binne `n interpretivistiese navorsingsparadigma. Kwalitatiewe navorsing fokus dus op die ondersoek van die fenomeen in die werklikheid.

Met hierdie navorsingparadigma wou die navorser `n diepgaande -beskrywing van die persepsies, ervarings en die rol van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier gee. Die navorsingsparadigma toon dus, soos reeds vermeld, `n duidelike skakel met die navorsingsvraag, omdat die navorsingstudie ten doel gehad het om `n begrip van die standpunte, ervarings en persepsies van `n spesifieke groep kurrikulumkoördineerders binne die daaglikse skoolopset te probeer verkry.

Die navorsingsmetodologie van hierdie studie word vervolgens bespreek.

3.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.4.1 Gevallestudie

Om die navorsingsvraag van die studie te probeer beantwoord is ŉ gevallestudie as navorsingstrategie binne kwalitatiewe navorsing gebruik. Die rasionaal vir hierdie keuse word hieronder verduidelik.

Durrheim (1999:255) is van mening dat gevallestudies intensiewe ondersoeke van spesifieke individuele gevalle is: “Case studies are defined as ideographic research methods that are methods that study individuals rather than members of a population.” Die vroeëre mening van Neuman (1997:278) ondersteun hierdie siening: “The case study tends to focus on what can be learned exclusively from the individual case, and is perhaps more interested in the unit of analysis as a focus.”

Daar word veral in Babbie en Mouton (2001:281) daarop gewys dat die gevallestudienavorsing meer as een individuele eenheid binne `n studie kan ondersoek. Gevallestudies, wat op die proses eerder as op die uitkoms van die ondersoek fokus, word gebruik om `n grondige begrip te verkry van die objek wat ondersoek word.

Denscombe (2003:32) is weer van mening dat gevallestudies op een of meer gevalle of op `n spesifieke fenomeen fokus met die uitsluitlike doel om `n grondige begrip te kry van gebeure, verhoudings, ervarings of prosesse wat in `n spesifieke geval voorkom. Adelman, Jenkins en Kermis (1996:2) beskryf `n gevallestudie as `n oorkoepelende term vir navorsing wat op die gebeure rondom `n geval fokus. Hulle lig die volgende uit met betrekking tot gevallestudie-navorsing: `n Kwessie ontstaan en die gevalle word geselekteer vanuit `n konteks waar die gevalle plaasvind; en `n deeglike beskrywing van die konteks word gegee.

In die lig van die bogenoemde benadering het die navorser beoog om te identifiseer en te omskryf hoe vier kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers hul rol en verantwoordelikheid binne hul onderskeie kontekste beleef. Deurdat die vier kurrikulumkoördineerders wat in die studie nagevors is, in die werklike, outentieke situasie binne hul onderskeie skoolkontekste geanker was, kon `n ryk holistiese bydrae tot die navorsing gelewer word.

3.4.2 Voordele van gevallestudienavorsing

Denscombe (2003:38) beklemtoon moontlike voordele van gevallestudie as navorsingsmetode in kwalitatiewe navorsing:

- Gevallestudienavorsing fokus op een of meer gevalle en dit op sigself skep die geleentheid vir die navorser om met komplekse sosiale situasies te werk. Dit bied ook aan die navorser die geleentheid om met verhoudings en sosiale prosesse te werk. In so `n geval is die analise holisties eerder as gebaseer op geïsoleerde faktore.
- Die gevallestudie skep die geleentheid om van `n verskeidenheid navorsingmetodes gebruik te maak.
- Gevallestudienavorsing bevorder die gebruik van veelvuldige databronne. Dit fasiliteer die geldigheid van data deur triangulasie.

- Gevallestudies skakel maklik in waar daar `n behoefte vir kleinskaalse navorsing is en waar daar op een of `n paar gevalle gekonsentreer word. Gevallestudienavorsing is gepas waar die navorser min of geen beheer het oor gebeure, juis omdat die benadering gebaseer is op die ondersoek van die fenomeen soos dit in sy natuurlike konteks voorkom.

Die fokus in hierdie studie is gerig op die persepsies, ervarings en die verstaan van kurrikulumkoördineerders ten opsigte van hul rol en kurrikulumleiersfunksie as kurrikulumkoördineerders. Aangesien die navorser ook persoonlike ervaring aangaande die verskynsel het, wou hy ŉ beter begrip kry van ander kurrikulumkoördineerders se ervarings in hul werksomgewing. Yin (1994:9) is van mening dat die gevallestudie groot voordeel inhou vir die 'hoe'- en 'waarom'-vrae.

Burns (2000:460) voer aan dat gevallestudies dus op die insameling van intensiewe data fokus om `n begrip te ontwikkel van die entiteit wat bestudeer word. Die gevallestudie ondersoek holistiese en betekenisvolle karaktertrekke van die objek in die werklike lewe of die realiteit – in hierdie geval die kurrikulumkoördineerders.

Die belangrikste tegnieke wat in gevallestudienavorsing gebruik kan word is waarnemings, onderhoude (gestruktureerd en semi-gestruktureerd) en dokument-analise.

3.5 KONTEKS VAN DIE STUDIE

By die gevallestudie as navorsingstegniek is die konteks van die studie baie belangrik, omdat die interpretatiewe perspektief fokus van die studie op die deelname van die respondente binne hulle natuurlike omgewing val.

Volgens Babbie en Mouton (2001:282) is dit uiters belangrik dat die navorser die konteks van die studie verstaan ten einde die gevallestudie te verstaan en te interpreteer.

Leedy en Ormrod (2001:135) is van mening dat die navorser ook besonderhede moet verkry aangaande die konteks waarin die gevallestudie geleë is, asook inligting aangaande die fisiese omgewing en die ekonomiese en sosiale faktore wat `n invloed mag hê op die studie. Aangesien die vier gevalle in hierdie studie vanuit verskillende kontekste gekom het, kon al die relevante inligting ingesamel word.

Die navorser het vier deelnemers vanuit uiteenlopende fisiese omgewings en ekonomiese en sosiale omstandighede gekies. Die navorser kon dus inligting verkry vanuit die verskillende kontekste waarin die gevalle geleë was. Sodoende het die ingesamelde inligting daartoe bygedra om die fenomeen wat ondersoek is beter te verstaan of toe te lig.

Die steekproefneming wat deel uitgemaak het van hierdie studie het bestaan uit vier kurrikulumkoördineerders van skole binne `n landelike omgewing in die Wes-Kaap en wat verteenwoordigend was van die post-apartheid onderwysdepartemente. Drie van die kurrikulumkoördineerders was afkomstig van voorheen benadeelde skole. Deelname aan hierdie studie was vrywillig gewees.

3.6 DATA-INSAMELING

Die navorser was primêr verantwoordelik vir die insameling van relevante data vir hierdie studie. Leedy en Ormrod (2001:147) beskou die navorser normaalweg as die instrument van navorsing binne die konteks van kwalitatiewe navorsing. Hoofsaaklik kwalitatiewe data is gegenereer om die navorsingvraag te beantwoord.

Die kwalitatiewe data is verkry deur semi-gestruktureerde onderhoude met die spesifieke kurrikulumkoördineerders van die vier geïdentifiseerde plattelandse skole in die betrokke landelike distrik te voer. Die kwalitatiewe data is aangevul met kwantitatiewe data wat verkry is deur middel van vraelyste wat onder die kurrikulumkoördineerders versprei is. Hierdie kwalitatiewe en kwantitatiewe data is in samehang met mekaar gebruik om die verskynsel wat nagevors is beter te kan verstaan. Dit was tydens die insameling van hierdie data belangrik om etiese oorwegings sterk in ag te neem.

3.7 ONDERHOUDE

Om `n onderhoud te voer is die natuurlikste vorm van interaksie met mense, aldus Durrheim (1999:128), en daarom het dit goed ingeskakel by die interpretatiewe benadering ten opsigte van die navorsingmetode wat in die studie gebruik is. Volgens Leedy en Ormrod (2001:159) kan onderhoude `n groot hoeveelheid nuttige inligting lewer. Punch (1998:174-175) beklemtoon dat `n onderhoud `n betroubare manier is om mense se persepsies, betekenisse, definisies van situasies en konstruksies van die werklikheid te verkry. Verder noem hy ook dat `n onderhoud een van die kragtigste maniere is om ander mense te probeer verstaan deurdat die respondente op hul eie voorwaardes en indringend die essensie van hul bedoelings kan weergee.

3.7.1 Die proses van onderhoudvoering

Die navorser het beplan om vir die doel van hierdie studie afsprake met die verskillende respondente op tye te reël wat geskik sou wees vir beide die navorser en die respondente. Die onderhoude sou afsonderlik plaasvind op die gereëlde tyd. Elke onderhoud sou waarskynlik een en `n half uur duur. Die onderhoude sou ook op oudioband opgeneem word sodat dit later getranskribeer kon word as deel van die proses van data-analise.

3.7.2 Semi-gestruktureerde onderhoude

Vir die doel van hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude om data te genereer. Mason (1996:62) noem dat kwalitatiewe onderhoudvoering gewoonlik na `n in-diepte semi-gestruktureerde of los gestruktureerde vorm van onderhoudvoering verwys. Volgens Robson (2002:270) het semi-gestruktureerde onderhoude vooropgestelde vrae, maar die orde van die vrae kan verander of aangepas word na gelang van die navorser se persepsie van wat die belangrikste is vir die onderhoud. Dus kan die navorser die bewoording van die vrae verander en verduidelikings kan gegee word tydens die verloop van die onderhoud.

3.7.3 Voordele van onderhoude vir die studie

Volgens Miller en Brewer (2003:168) is aanpasbaarheid een van die belangrikste voordele wat die onderhoud as navorsingstegniek inhou. Hoe minder standaard die formaat van die onderhoud is, hoe meer ruimte is daar vir aanpasbaarheid. Die navorser sou dus tydens die onderhoudvoering in hierdie studie die orde van die vrae tydens die interaksies kon verander. In hierdie studie het aanpasbaarheid gehelp om `n diepgaande verstaan te verkry van die antwoorde op die vrae wat gevra word tydens onderhoudvoering.

Aangesien die onderhoudsituasie ’n geleentheid skep vir die navorser om onmiddellik idees op te volg, kan meer data daardeur gegenereer word. Indien die navorser die regte klimaat skep vir die onderhoudvoering om plaas te vind en die versekering aan respondente kan gee dat hulle anoniem hanteer sal word in ’n studie, kan dit groot voordele inhou vir die studie.

3.8 ETIESE OORWEGINGS

Met betrekking tot die etiese kwessies in sosiaal-wetenskaplike studies beklemtoon Miller en Brewer (2003:95) dat dit nodig is om `n wedersydse respekvolle wen-wen-situasie te skep waarby beide die navorser en die respondent(e) baat kan vind. Durrheim (1999:65) voer aan dat die essensiële doel van etiese navorsing is om die welstand en regte van die deelnemers aan die studie te beskerm.

Die navorser moet dus daarop ingestel wees om deelnemers met respek te hanteer, veral omdat hulle vrywilliglik aan die studie deelneem. Verder moet seker gemaak word dat onderhandelinge om toegang tot die navorsingsomgewing reeds in die vroeë stadia van die navorsing onderneem word.

Die navorser het skriftelik by die WKOD aansoek gedoen en toestemming verkry om die ondersoek by geïdentifiseerde skole te doen (sien Bylae D vir WKOD-toestemmingsbrief). Daarna het die navorser afsprake met die hoofde van die onderskeie skole gereël om toestemming te kry dat die ondersoeke uitgevoer mag word. Die navorser het ook skriftelik `n versoek om deelname aan die respondente gerig.

Die volgende etiese aspekte is ook met die respondente bespreek:

- `n Ooreenkoms dat alle inligting wat met die respondente bespreek sal word as vertroulik hanteer sal word en dat hulle anoniem sal bly
- Dat die respondente die reg besit om ter enige tyd van die studie te onttrek indien hulle so sou voel

- Dat die transkripsies van die onderhoude aan hulle terugbesorg sal word sodat hulle kan nagaan of die inligting deur hulle verskaf `n ware weergawe is van wat in die onderhoud bespreek is.

3.9 VERIFIËRING VAN DATA

In interpretatiewe navorsing word daar gewerk met data wat sentraal staan binne die konteks van die studie. Tydens die verloop van die studie is daar dus hoofsaaklik kwalitatiewe data ingesamel om antwoorde op die gestelde vrae te kry. Interpretivistiese navorsing wil sin maak van gevoelens, ervarings, sosiale situasies of hoe die fenomeen in die werklike lewe voorkom (Durrheim, 1999:126). Tydens die implementering van die studie is hoofsaaklik kwalitatiewe data ingesamel om antwoorde op die gestelde vrae te kry.

Aangesien die geloofwaardigheid van hierdie studie as baie belangrik beskou is, moes die navorser die betroubaarheid en geldigheid van die studie verseker. Volgens Leedy en Ormrod (2001:103) sal navorsing slegs waardevol wees indien dit die navorser toelaat om betekenisvolle en verdedigbare gevolgtrekkings uit die data te maak.

Skrywers soos Punch (1998:98) en Mertens (1998:180) is dit eens dat daar bepaalde kriteria behoort te wees om die kwaliteit van kwalitatiewe navorsing as geheel te beoordeel. Die navorser is van mening dat die betroubaarheid en geldigheid van data uiters belangrik was vir hierdie studie. Leedy en Ormrod (2001:105) benadruk dat die gevolgtrekkings wat uit hierdie tipe data voorkom betroubaar is. Dit was dus vir die navorser duidelik dat hy in hierdie studie van verskillende strategieë gebruik kon maak om kwalitatiewe data geldig te verklaar of te verifieer, oftewel interne en eksterne geldigheid te verkry**.**

Om interne geldigheid te verkry in hierdie studie het die navorser onderneem om die volgende spesifieke stappe uit te voer:

- Hy sou langdurige veldwerk doen wat oor vyf maande sou strek.

- Hy sou ook met die respondente konsulteer oor die proses, bevindinge en gevolgtrekkings van die onderhoude om seker te maak dat data uit die onderhoude verkry `n betroubare weergawe sou wees.
- In hierdie studie sou veelvuldige navorsingsmetodes en bronne gebruik word om data te genereer, te wete ŉ literatuuroorsig, getranskribeerde onderhoude met vier kurrikulumkoördineerders, veldnotas en waarnemings.

Bogenoemde stappe verwys na die metodes wat die navorser gebruik het om te verklaar dat hy wel ondersoek het wat hy veronderstel was om te ondersoek.

Deur omvangryke beskrywings van data binne `n bepaalde konteks te versamel, kan die navorser eksterne geldigheid verseker sodat dit die leser in staat kan stel om vergelykings te tref. Voorts kan daar op hierdie wyse bepaal word in watter mate die navorsingresultate ook binne `n ander konteks met ander deelnemers van toepassing gemaak kan word.

3.10 DATA-ANALISE

Data-analise is hoofsaaklik gefokus op die verkryging en interpretasie van betekenis uit die data wat versamel word. Babbie en Mouton (2001:108) is van mening dat data-analise gerig is op die opbreek van tekste en identifisering van hanteerbare patrone, tendense en verhoudings. Vir die navorser was dit dus belangrik dat die vrae wat in die onderhoude gebruik is in temas verdeel moes word sodat dit logies met mekaar kon skakel. Volgens Burns (2000:430) is die doel van data-analise om betekenis aan data te gee deur die inligting sistematies te rangskik en aan te bied. Mouton (2001:108) sluit hierby aan deur te noem dat data in hanteerbare temas, patrone, tendense en verhoudings opgebreek moet word.

Creswell (1994:153) verwoord hom mening soos volg: “It also requires that the researcher be open to possibilities and see contrary or alternative expectations for the findings.” Die navorser was dus in hierdie studie daarop bedag om oop te wees vir ander moontlikhede

en alternatiewe sodat die inligting uit die data sinvol gereduseer en op betekenisvolle wyse geanaliseer kon word.

Miles en Huberman (1994:11) beskryf die proses van data-analise as `n gedurige vloei van drie aktiwiteite, naamlik die redusering, tentoonstelling en verifiëring van data. Hierdie drie aktiwiteite vind gelyktydig plaas en vereis interaksie tussen die drie areas tydens die datagenereringsproses. Die skema in figuur (3.1) dui aan hoe die datagenereringsproses in die studie verloop het.



Figuur 3.1 Die datagenereringproses (Aangepas uit Miles & Huberman, 1994:11)

3.11 SAMEVATTING

Vir die doel van hierdie studie het die navorser `n kwalitatiewe veelvuldige gevallestudie as navorsingstegniek binne `n interpretatiewe paradigma as navorsingsontwerp gebruik.

Die interpretatiewe perspektief verskaf `n raamwerk vir die navorsing wat ten beste beskryf word deur die vier gevallestudies wat met mekaar binne `n gemeenskaplike konteks verbind word. Veelvuldige navorsingmetodes en bronne is gebruik om data in te samel ten

einde die navorsingsvraag te kan beantwoord. Om geldigheid en betroubaarheid in die studie te verseker was dit nodig vir die navorser om verskeie stappe te volg. Die data van die getranskribeerde onderhoude is kwalitatief ontleed en verwerk volgens die kategorieë waarin die vrae vir die onderhoudvoering ingedeel is. Tydens die studie is daar ook aandag gegee aan die etiese aspekte wat tydens die veldwerk na vore gekom het.

In hoofstuk 4 van hierdie studie word daar gefokus op die analise van die data soos verkry vanuit die getranskribeerde onderhoude tydens die onderhoudvoering.

HOOFSTUK 4
DATA-ANALISE

4.1 INLEIDING EN KONTEKS

In hierdie hoofstuk word die data wat gedurende die onderhoude in die studie gegenereer is, ontleed en geïnterpreteer.

4.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die hoofdoel van die ondersoek was om die persepsies, begrip en ervaring van kurrikulumkoördineerders, as kurrikulumleiers in die bestuur van die kurrikulum binne die skoolopset, te verken, te beskryf en te verduidelik. Die sekondêre doelstellings van die studie was eerstens toegespits op die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder. Tweedens was dit daarop gerig om die moontlike eienskappe, kennis en houdings waaroor die kurrikulumkoördineerder behoort te beskik, te identifiseer en te omskryf. Derdens het dit gepoog om `n beskrywing van die kurrikulumkoördineerder se moontlike rol as vernuwingsagent ten opsigte van kurrikulumontwikkeling te verskaf.
Die vrae wat aan die respondente gestel is, is gevolglik in die onderhoudsgids in twee hoofafdelings verdeel, naamlik 'Biografiese inligting' en 'Semi-gestruktureerde vrae'. Elkeen van hierdie afdelings word vervolgens bespreek.

4.3 STRUKTUUR VAN VRAELYS

4.3.1 Biografiese inligting

Hierdie afdeling bevat vrae met betrekking tot die biografiese besonderhede van die deelnemers. Persoonlike inligting aangaande die deelnemers was baie belangrik omdat dit `n relevante agtergrond vir die studie kon skep ten opsigte van die leierskaprol van die kurrikulumkoördineerder in kurrikulumontwikkeling.

4.3.2 Semi-gestruktureerde vrae

Hierdie afdeling van die onderhoudsgids bevat spesifieke semi-gestruktureerde vrae. Hierdie vrae fokus op die kurrikulumkoördineerder se leierskaprol en koördineringsfunksie as leier in kurrikulumontwikkeling – op die bestuur en verandering wat plaasvind binne kurrikulumontwikkeling. Die doel van hierdie vrae was verder om die doelstellings van die navorsingstudie te laat realiseer.

Die semi-gestruktureerde vrae wat aan deelnemers gevra is, is in verskillende kategorieë verdeel, naamlik: (1) Leierskaprol (2) Koördineringsfunksie (3) Ondersteuning aan en bemagtiging van onderwysers (4) Skakeling met rolspelers (5) Onderwysvernuwing. Die meer spesifieke vrae in elke kategorie volg in 4.3.3 hier onder.

4.3.3 Vraelysgids om onderhoude met kurrikulumkoördineerders te voer

Die doel van die onderhoudskedule

Die doel van die onderhoudskedule was om deur middel van die datagenereringsproses inligting in te samel oor die moontlike persepsies, begrip/verstaan en ervarings van hul rol/funksie as kurrikulumkoördineerders binne kurrikulumontwikkeling.

Afdeling A – Leierskaprol

Doel: In hierdie afdeling wou die navorser vasstel of skoolkurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers weet en verstaan wat van hulle verwag word ten opsigte van hul rol en leiersfunksie binne kurrikulumontwikkeling.

1. Wat verstaan u onder die begrip ‘kurrikulumleierskap’?
2. Hoe verskil kurrikulumleierskap vir u van kurrikulumbestuur?
3. Hoe hanteer u u leierskaprol ten opsigte van u verantwoordelikhede wat vereis word om effektiewe kurrikulumleierskap binne die skool te laat plaasvind?
4. Wat is volgens u die kennis, vaardighede en houdings waaroor `n goeie kurrikulumleier behoort te beskik?
5. Hoe kan u as kurrikulumleier help om onderwysers gedurigdeur te motiveer en te ondersteun om verandering in die kurrikulum te kan implementeer?

6. Wat doen u om te verseker dat u as kurrikulumleier ten alle tye op hoogte bly ten opsigte van veranderinge en vernuwing in die kurrikulum?
7. In u werksverhouding met kollegas ervaar u enige weerstand of onwilligheid ten opsigte van samewerking in die kurrikulum?
8. Hoe en op watter manier is u aangestel om hierdie portefeulje van kurrikulumkoördineerder te behartig?

Afdeling B – Koördineringsfunksie

Doel: Die doel van hierdie afdeling was om vas te stel of kurrikulumkoördineerders weet watter kundigheid benodig word om aan die eise en verwagtinge van kurrikulumkoördinering te voldoen.

1. Wat is u ervaring rondom die disseminasie van nuwe inligting aan onderwysers m.b.t. kurrikulumontwikkeling?
2. Verstaan u wat van u as kurrikulumkoördineerder verwag word? M.a.w. het u duidelikheid oor wat die verwagtinge is m.b.t. u rol as kurrikulumleier?
3. Hoe en waar het u die betrokke kennis en vaardighede opgedoen om u te help om hierdie funksie te kan verrig?
4. Voel u behoorlik toegerus om hierdie funksie te kan verrig?
5. Hoe hanteer u die bestuur en koördinering van die kurrikulum binne die skool?
6. Watter meganisme het u in plek om te verseker dat onderwysers kwaliteit-leerervarings toepas in die onderrigleerproses?
7. Hoe dink u ervaar onderwysers u rol in die bestuur en koördinering van die kurrikulum?
8. Watter kundigheid sou u reken behoort `n persoon te hê wat die funksie van die kurrikulumkoördineerder vervul?
9. Wat, volgens u, is die pligte en verantwoordelikhede van `n kurrikulumkoördineerder?

Afdeling C – Ondersteuning aan en bemagtiging van onderwysers

Doel: Die doel van hierdie afdeling was om te bepaal of kurrikulumkoördineerders die aard en omvang van die ondersteuning wat kurrikulumleiers aan onderwysers behoort te bied, verstaan.

1. Wat is die aard van die ondersteuning en leiding wat aan onderwysers verskaf word ten opsigte van die kurrikulum?
2. Het u enige programme of opleiding in plek om onderwysers te bemagtig in die kurrikulum?
3. Dink u daar word genoegsame klem gelê op die opleiding van onderwysers om die kurrikulum effektief te kan toepas?

Afdeling D – Skakeling met verskillende rolspelers

Doel: Die doel van die vraagstelling in hierdie afdeling was om te verken watter impak verskillende rolspelers op die werksaamhede van die kurrikulumkoördineerder het.

1. Wat is u ervaring van ouerbetrokkenheid ten opsigte van die kurrikulum?
2. Watter programme het u in plek om ouers op hoogte te hou van die veranderinge in die kurrikulum?
3. Hoe verseker u dat die skoolkurrikulum voorsiening maak vir die behoeftes van die gemeenskap?
4. Watter ontwikkelingsprogramme stuur u van stapel om die ouergemeenskap op hoogte te hou ten opsigte van veranderinge in die kurrikulum?
5. In watter mate en op watter wyse ontvang u ondersteuning van u betrokke onderwysdistrik?
6. Assessering speel ’n belangrike rol in die onderrigleerproses. Wat doen u om te verseker dat alle rolspelers ingelig is oor hierdie aspek?

Afdeling E – Onderwysvernuwing

Doel: Die doel van hierdie afdeling was om te bepaal wat die persepsies en ervarings van die deelnemers as kurrikulumkoördineerders was aangaande onderwysers se ervaring van voortdurende veranderinge en vernuwing in die kurrikulum.

1. Hoe hanteer u die bemagtiging van onderwysers ten opsigte van onderwysvernuwing?
2. Hoe dink u ervaar onderwysers hierdie veranderinge in die kurrikulum?
3. Wat doen u as leier om te verseker dat daar `n positiewe klimaat t.o.v. leer en onderrig in die skool heers te midde van hierdie voortdurende veranderinge?
4. Hoe hanteer u die uitdagings van `n voortdurend veranderende kurrikulum?

4.4. OMSKRYWING VAN BIOGRAFIESE INLIGTING

Die data in hierdie afdeling van die studie is bekom uit vier onderhoude met kurrikulumkoördineerders van vier verskillende skole. Drie van die respondente met wie onderhoude gevoer is, is afkomstig van voorheen-benadeelde skole , terwyl een is van die vorige Model C-skole in `n landelike gebied binne die grense van die WKOD. Die empiriese ondersoek het vanaf 3 - 27 Mei 2010 plaasgevind.
Die data word in tabel 4.1 - 4.6 uiteengesit.

4.4.1 Biografiese inligting

Tabel 4.1: Geslag

Geslag	Getal
Manlik	1
Vroulik	3
TOTAAL	**4**

Tabel 4.1 toon dat die meeste van die respondente vroulik was.

Tabel 4.2: Ouderdom in jare

Aantal jare	Getal
20 - 30 jaar	
31 - 40 jaar	
41 - 50 jaar	3
51 - 60 jaar	1
TOTAAL	**4**

Tabel 4.2 toon dat die ouderdomme van die respondente tussen 41 en 60 jaar wissel. Daar mag moontlik ŉ tendens wees dat persone met meer onderwyservaring as kurrikulumkoördineerder aangestel word, aangesien almal oor uitgebreide onderwyservaring beskik (sien ook tabel 4.3).

Tabel 4.3: Jare onderwyservaring

Aantal jare	Getal
0 - 10	
11 - 15	
16 - 20	2
20 - 25	
25 en meer	2
TOTAAL	**4**

Die respondente het uitgebreide onderwyservaring en daar kan aanvaar word dat hulle die afgelope tien jaar deurlopend aan beleidsveranderinge in die onderwys blootgestel is.

Data oor die respondente se huistaal word in tabel 4.4 verskaf.

Tabel 4.4: Huistaal

Taal	Getal
Afrikaans	4
Engels	
Ander	
TOTAAL	**4**

Tabel 4.4 dui aan dat al die respondente Afrikaanssprekend was.

Tabel 4.5: Kwalifikasies

Kwalifikasies	Getal
Diploma	4
Graad / grade	
Ander	
TOTAAL	**4**

Tabel 4.5 toon aan dat al die respondente ten tyde van die navorsing slegs aan die minimum onderwyskwalifikasies voldoen het, met geeneen wat oor ’n graadkwalifikasie beskik het nie. Een van die respondente was besig met studie vir haar graadkwalifikasie.

Tabel 4.6: Jare ondervinding as kurrikulumkoördineerder

Jare ondervinding	Getal
0-5	3
6-10	1
11-15	
TOTAAL	**4**

Tabel 4.6 toon dat die meerderheid van die respondente tot en met die afneem van die onderhoude, slegs beperkte ervaring as kurrikulumkoördineerder gehad het.

4.5 ANALISE EN INTERPRETASIE VAN DATA BEKOM UIT ONDERHOUDE

4.5.1 Inleiding tot die onderhoude

Die navorser het seker gemaak dat die onderhoude in `n positiewe klimaat plaasvind. Hierdie klimaatskepping is deur middel van doelmatige kommunikasie bevorder deurdat vooraf-toestemming van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry is (sien Bylae D) en daar ook vooraf met al die betrokke skole geskakel is om hul samewerking te bekom. Dit het bygedra tot aktiewe deelname deur die respondente. Die onderhoude self is begin deur die deelnemers op hul gemak te stel en hulle vir hul vrywillige deelname aan die navorsing te bedank. Hulle is ook verseker van die vertroulikheid van die onderhoudsproses en hulle is daaraan herinner dat hulle weer later die geleentheid sou kry om hul response te verifieer.

Hierdie proses is gevolg om die integriteit van die proses te verseker. Die dertig semi-gestruktureerde vrae soos aan die respondente gestel word in paragrawe 4.5.2 - 4.5.6 gerapporteer en ontleed. Ter wille van vertroulikheid word die regte name van die respondente nie gebruik nie, maar is kodes aan die onderskeie respondente toegeken.

4.5.2 Leierskaprol

4.5.2.1 Wat verstaan u onder die begrip ‘kurrikulumleierskap’? (Sien A1, 4.3.3)

Die respondente het dit oënskynlik moeilik gevind om vraag 1 te beantwoord en te verwoord wat hulle onder leierskap verstaan. Respondent K1 het byvoorbeeld gesê dat *die personeel leiding moet gee oor hoe hulle die kurrikulum moet benader.* Respondent K2 weer het verwys na *`n*

persoon ... (is) wat sekere kenmerke moet hê. Respondent K4 het gesê: *Kurrikulumleierskap is die leiersrol wat vertolk word deur die kurrikulumkoördineerder*. Drie van die respondente het slegs verwys na die leiersrol sonder om werklik die kernaspekte daarvan te belig, terwyl Respondent K3 weer verwys het na *kurrikulumleierskap as `n breë begrip.*
Die response toon aan dat daar by kurrikulumkoördineerders twyfel is oor wat leierskap beteken. Hierdie aspek kan problematies wees aangesien koördineerders binne 'n leierskapposisie staan, wat die vraag laat ontstaan: As hulle nie weet wat leierskap beteken nie, hoe kan daardie rol optimaal vervul word?

4.5.2.2 Hoe verskil kurrikulumleierskap van kurrikulumbestuur? (Sien A2, 4.3.3)

Nie een van die respondente kon `n duidelike onderskeid tussen die begrippe tref nie, alhoewel hulle duidelik besef het dat daar n' direkte verband is, met ander woorde dat dit onderskeibaar is, maar nie skeibaar nie. In hierdie verband het Respondent K1 die volgende opmerking gemaak: *Leierskap gee leiding van waar dinge verkeerd is … bestuur moet alles organiseer*. Volgens respondent K2 is kurrikulumbestuur *hoe jy moet beplan in die kurrikulum … wat ek moet oordra … kyk dat almal hul betrokke pligte nakom. Sterk leierskap kan nie bewerkstellig word as daar nie goeie bestuur is nie … Bestuur en leierskap gaan hand aan hand.* Respondent K3 se siening was: *ek is mos die leier van die kurrikulum … Vir my is elke departementshoof ook `n kurrikulumleier … elkeen is verantwoordelik vir die bestuur van die kurrikulum in sy klaskamer.* Vir Respondent K4 is kurrikulumleierskap *waar die kurrikulumkoördineerder die voorbeeld moet stel … kurrikulumbestuur is verskillende take wat in plek gestel moet word*.
Dit wil tog voorkom asof die betrokke respondente begryp het dat hul rol as koördineerders nie net bestuurmatig van aard is nie, maar dat daar 'n leierskapfunksie betrokke is.

4.5.2.3 Hoe hanteer u u leierskaprol ten opsigte van die verantwoordelikhede wat van u vereis word om effektiewe kurrikulumleierskap binne die skool te laat plaasvind? (Sien A3, 4.3.3)

In die geval van hierdie vraag het slegs respondent K1 en K3 bevredigende response gelewer. K1 het gesê: *Deur seker te maak dat take wat gedoen moet word gedoen word [op die] regte tyd gedoen word, as mense sukkel of nie seker is nie – hulp aan hulle te gee.* Respondent K3 was van mening dat enige inligting of omsendbriewe onder die aandag van al die rolspelers wat betrokke is by die kurrikulumlewering gebring met word: … *daardie inligting gaan ek met my departementshoofde deel … en dan saam ŉ plan van aksie uitwerk vir die onderwyser en die klas en daarmee saam ŉ interne moderering met ŉ deeglike plan wat daarmee saamgaan.* Respondent K2 was van mening dat hy altyd moet probeer om op hoogte te bly van nuwe dinge in die kurrikulum: *As daar ŉ kursus is moet ek kan inneem om te kan lei. Ek het nooit genoeg nie. Ek moet ontwikkel in die kurrikulum.* Respondent K4 het gevoel dat die verantwoordelikhede van die rol wat sy vertolk deur die prinsipaal aan haar oorgedra word: … *waar ek probleme ondervind gaan ek terug na my prinsipaal toe en ek vra hom om vir my riglyne te gee oor hoe om my rol effektief te vertolk.*

Die response toon dat die vier kurrikulumkoördineerders uiteenlopende menings gehad het oor hulle leiersrol ten opsigte van hulle verantwoordelikhede om effektiewe kurrikulumleierskap te laat plaasvind. Dit is nie noodwendig verkeerd nie, aangesien dit die betrokke funksie van die koördineerder eintlik kan verryk en verder kan uitbou.

4.5.2.4 Wat is volgens u die kennis, vaardighede en houdings waaroor `n goeie kurrikulumleier behoort te beskik? (Sien A4, 4.3.3)

Die respondente kon nie `n bevredigende antwoord gee oor watter kennis, vaardighede en houdings `n kurrikulumkoördineerder behoort te hê nie.

Respondent K4 kon slegs noem dat die *… kurrikulumkoördineerder goeie kennis moet hê van wat in die skool plaasvind … waardes en houdings ...– oopdeurbeleid … wees tegemoetkomend … [moet] vaardighede kan hê.* Respondent K2 het gemeen ŉ goeie kurrikulumleier *… bly op hoogte van kurrikulumveranderinge … [en is] `n leier.* Volgens respondent K1 moet ŉ goeie kurrikulumleier weet … *wat in elke graad verwag word … leier moet voorbeeld stel … jou werk moet reg wees.* Respondent K4 het die mening gehuldig dat hy/sy *mensekennis [moet] hê … wat maak ek met hulle sterk en swak punte.*

Dit blyk na aanleiding van bogenoemde response dat die respondente menseverhoudings as een van die belangrikste vaardighede beskou waaroor `n kurrikulumkoördineerder behoort te beskik. Dit is in ooreenstemming met die literatuur, want Pajak en McAfee (1992:27) maak ook melding van hierdie vaardigheid wanneer hulle verwys na die verskeidenheid vaardighede waaroor kurrikulumleiers behoort te beskik ten opsigte van kurrikulumontwikkeling. Daar is egter min melding van spesifieke leiersvaardighede wat volgens hulle benodig word.

4.5.2.5 Hoe kan u as kurrikulumleier help om onderwysers gedurigdeur te motiveer en te ondersteun om verandering in die kurrikulum te kan implementeer? (Sien A5, 4.3.3)

Vanuit die vier response is dit duidelik dat drie respondente dit eens was dat die kurrikulumkoördineerder eerder self ook gemotiveerd moet wees voordat hy/sy die opvoeders kan motiveer. Respondent K2 het dit byvoorbeeld so gestel: *Wat belangrik hier is, stel die voorbeeld. Motiveer jouself eers alvorens jy ander kan motiveer.* Respondent K3 se mening was: *… ek moes navorsing doen en iets op die tafel gelê het. Dit is ’n voorbeeld, dit is wat van ons verwag word.* Respondent K4 was verder van mening dat jy die opvoeder kan motiveer deur die *uitruilings van goeie idees wat by*

ander skole of opvoeders opgestel word uit te ruil en te implementeer … gee die persoon wie se oorspronklike idee dit was krediet daarvoor.

Respondent K1 het dit onomwonde gestel dat dit baie moeilik is om opvoeders te midde van al hierdie kurrikulumveranderings te motiveer. Die navorser kon uit al vier respondente se reaksie aflei dat kurrikulumkoördineerders dit steeds moeilik vind om onderwysers in die huidige onderwysomstandighede positief te motiveer.

4.5.2.6 Wat doen u om te verseker dat u as kurrikulumleier te alle tye op hoogte bly t.o.v. veranderinge en vernuwing in die kurrikulum? (Sien A6, 4.3.3)

Al die respondente het positief op hierdie vraag gereageer. K1 het beklemtoon dat dit belangrik is om op hoogte te bly van al hierdie veranderinge en vernuwing.

Uit die respondente se response blyk dit dat daar eenstemmigheid is onder hulle dat hulle, ten einde effektiewe leiding te kan gee, te alle tye op hoogte moet wees van veranderings en vernuwing in die kurrikulum deur die bywoning van werkswinkels en die bestudering van omsendbriewe aan hulle versorg deur die WKOD. Die volgende is voorbeelde van hulle response: … *alles wat daar is oor die kurrikulum bywoon (K1) … werkswinkel, sover moontlik bywoon en alle inligting wat deurkom na die skool, bestudeer (K2) … alle inligtingsessies by te woon (K3) … ek probeer hard om alle werkswinkels by te woon (K4).*

4.5.2.7 In u werksverhouding met kollegas, ervaar u enige weerstand of onwilligheid t.o.v. samewerking in die kurrikulum? (Sien A7, 4.3.3)

Oor die kwessie of daar enige weerstand en/of onwilligheid met betrekking tot samewerking oor die kurrikulum ervaar word, was daar verskillende menings. Die menings het gewissel van … *Ag nee wat* (K1)*;… verskillende*

maniere gewilligheid, daar is verskillende menings oor onderwerpe (K2)*; … Nee, ek sou nie sê daar is onwilligheid oor samewerking in die kurrikulum nie* (K3)*;* tot *Ja, daar is nog baie opvoeders wat op die ou trant wil voortgaan.*

Uit die response blyk dit duidelik dat daar nog wat hierdie spesifieke ondersoek betref, slegs beperkte weerstand onder opvoeders ervaar word. Hierdie weerstand wat wel nog daar is, kon moontlik ontstaan het omdat daar nooit werklik onderwyserdeelname was met die ontwikkeling van uitkomsgebaseerde onderwys nie. In die literatuur word die onderwysers beskou as die primêre groep individue in kurrikulumontwikkeling omdat hulle by alle fases van kurrikulum betrokke is. Carl (2002:249) huldig die mening: "Whenever there is talk of curriculum development, the teacher's role comes to the fore."

4.5.2.8 Hoe en op watter manier is u aangestel om hierdie portefeulje van kurrikulumkoördineerder te behartig? (Sien A8, 4.3.3)

Die response op hierdie vraag dui daarop dat kurrikulumkoördineerders in die meeste gevalle deur die hoof of die skoolbestuurspan in die betrokke portefeulje aangestel word. Dit blyk duidelik uit die response van die respondente. Respondent K1 het gesê: *Ek weet nie … hulle het net gesê jy doen dit.* Respondent K2: … *dit is deel van my pligte as adjunkprinsipaal. Ek speel die leidende rol in die kurrikulumspan.* Volgens Respondent K3 kry hulle aan die begin van elke jaar 'n lys met hul nuwe pligte en *toe ek my werkspligte ontvang sê die hoof vir my ek is nou kurrikulumkoördineerder.* Volgens Respondent K4 is sy 'n departementshoof by die skool en het die *skoolbestuur saamgesit en is daar konsensus bereik oor wie die koördineerder is.*

Uit die response is dit duidelik dat daar geen riglyne of prosedures is oor hoe 'n persoon in die portefeulje aangestel behoort te word nie. Die navorser

is van mening dat daar tog `n mate van ondersteuning en leiding in hierdie proses behoort te wees.

4.5.2.9 Samevatting

Die analise van data met betrekking tot afdeling A (Leiersrol) dui aan dat kurrikulumkoördineerders hul leiersrol en verantwoordelikhede op verskillende maniere ervaar het en dat daar by hulle geen duidelikheid bestaan het oor wat presies van hulle verwag word nie. Na aanleiding van die response van die koördineerders wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, wil dit voorkom asof hulle wel besef het dat daar ’n direkte verband tussen leierskap en bestuur is, maar dat die betekenisgewing van elk van hierdie fasette vir hulle ietwat vaag was. Dit kan verder uit die response van die kurrikulumkoördineerders afgelei word dat daar uiteenlopende menings was oor watter vaardighede, houdings en waardes so ’n persoon behoort te hê en dat daar veral nie duidelikheid is oor watter vaardighede so ’n koördineerder behoort te hê nie. Hierdie is nie noodwendig ’n negatiewe aspek nie, aangesien daar geen bestaande oorskrywings vir kurrikulumkoördineerders is nie en hulle oënskynlik nie vir hul betrokke opdrag opgelei word nie.

Wat egter positief is, is dat die respondente dit as baie belangrik beskou het om deurlopend met ontwikkelinge en nuwe kennis aangaande die verandering en vernuwing in die kurrikulum op hoogte te bly en onderwysers in te lig en te bemagtig.

4.5.3 Koördineringsfunksie

4.5.3.1 Wat is u ervaring rondom die disseminasie van nuwe inligting aan onderwysers m.b.t. kurrikulumontwikkeling? (Sien B1, 4.3.3)

Op die vraag oor disseminasie van inligting het die respondente die volgende uitsprake gelewer: … *nuwe inligting word op skrif gestel en elke persoon kry dit en hy moet dit sy eie maak (K1); Opvoeders kry die inligting per e-pos en kurrikuluminligting sal by 'n vergadering of by personeelontwikkelingsessies bespreek word* (K3)*. Belangrike inligting word in 'n vergadering vanaf 14:00 tot 14:50 aan onderwysers deurgegee …* (K4)*.*

Volgens respondent K2 word inligting gedissemineer vanaf *Hoofkantoor en dan Distrikskantore tot waar dit by die skool uitkom. Alle omsendbriewe word gesirkuleer.*

Na aanleiding van die response is dit duidelik dat die respondente meganismes daargestel het om kurrikuluminligting aan opvoeders te verskaf en te bespreek sodat kurrikulumlewering kan plaasvind. Daar is geensins melding gemaak van hoe die onderwysers hierdie nuwe inligting ervaar nie.

4.5.3.2 Verstaan u wat van u as kurrikulumkoördineerder verwag word, m.a.w. het u duidelikheid oor wat die verwagtinge is m.b.t. u rol as kurrikulumleier? (Sien B2, 4.3.3)

Na aanleiding van die response blyk dit duidelik dat die respondente onseker was oor die verwagtinge met betrekking tot hul rol as kurrikulumleier. Hierdie afleiding kan gemaak word na aanleiding van hul baie 'vae' antwoorde op hierdie betrokke vraag. Respondent K1 het byvoorbeeld gesê: *Ek dink so …* , terwyl K2 gesê het: ... *daar kan nog baie aan my gedoen word in hierdie aspek*. K4 se antwoord was: *Ja, ek dink ek verstaan*. *Ek moet toesien dat leer in die skool plaasvind* en K3 s'n was: *Ja,*

ek dink ek het ’n duidelike wete van wat van my verwag word en dit is nie altyd so maklik nie … niemand het vir my gesê hoe ek dit moet doen nie.
Dit wil voorkom asof die respondente onseker was oor wat van hulle as kurrikulumleiers verwag word en hoe die kurrikulum van dag tot dag bestuur moet word. Nêrens is daar melding gemaak van ’n kurrikulumplan of aksieplanne rondom die bestuur, monitering en bestuur van assesseringspraktyke of die daaglikse onderrigleerprosesse nie.

4.5.3.3 Hoe en waar het u die betrokke kennis en vaardighede opgedoen om te help om hierdie funksies te kan verrig? (Sien B3, 4.3.3)

Vanuit die response is dit duidelik dat al vier respondente dit eens was dat die ervaring, kennis en vaardighede wat oor jare opgedoen is ’n belangrike rol in hul toerusting gespeel het. Respondent K1 het aangedui: ... *jare se ondervinding het ek toevallig elke graad in die skool skoolgehou*. Respondente K2 en K3 het ook aangedui dat … *jare se ondervinding gehelp het om betrokke kennis op te doen*. Respondent K4 het gesê: [*by werkswinkels*] … e*k is besig met my graad in onderwysbestuur … het ook baie geleer by kollegas nie net by my skool nie, maar ook by ander skole.*

Uit hierdie response blyk dit dat daar geen formele opleidingsgeleenthede van die onderwysdepartement se kant af was om die rolspelers toe te rus nie, maar dat ervaring skynbaar ’n belangrike kriterium is by die aanstelling van persone in hierdie pos.

4.5.3.4 Voel u behoorlik toegerus om hierdie funksie te kan verrig? (Sien B4, 4.3.3)

Vanuit die response van die vier deelnemende respondente is dit duidelik dat daar altyd ruimte is om jouself verder te bemagtig in kurrikulumontwikkeling. Respondent K1 se uitspraak was: *Is ’n mens ooit*

werklik heeltemal toegerus? Ek dink nie so nie. Niemand is ooit volledig toegerus nie. K4 het verklaar: … *nie heeltemal ten volle nie … nog baie ruimte vir verbetering.* K3: *Ek dink nie ek sal ooit 100% toegerus wees nie, want daar sal altyd nuwe verwikkelinge intree … bly ’n lewenslange leerder.* Volgens Respondent K2 … *kan dit verbeter … daar is soveel in kurrikulumontwikkeling dat jy nooit genoeg sal hê nie.*

In die lig van die feit dat daar geen raamwerk of riglyne is vir persone wat die funksie verrig nie, is die respondente dit eens dat jy ’n lewenslange leerder in kurrikulumontwikkeling bly omdat dit ’n proses is wat ten doel het om die onderrigleerproses te verbeter. ’n Ander afleiding wat gemaak sou kon word is dat die respondente dus inderwaarheid ervaar het dat hulle nie volledig toegerus is nie, maar dat dit in elk geval ’n voortdurende ontwikkelingsproses is.

4.5.3.5 Hoe hanteer u die bestuur en koördinering van die kurrikulum binne die skool? (Sien B5, 4.3.3)

In response op die bestuur en koördinering blyk dit duidelik dat al vier die respondente volgens ’n kurrikulumplan werk. Respondent K1 het dit so verduidelik: *Ons het ’n taakplan … sekere datums word uitgesit vir sekere goed, boekkontrole, moderering, assessering en take.* Respondent K4 hanteer dit volgens ’n *stelsel wat daargestel is … daarvolgens is alles wat ons doen, interne moderering, eksamens en beleide – alles berus op beleide.* Respondent K3 sorg dat *verskillende fases fasevergaderings hou. Ons het ’n jaarplan … assessering, beplanning, refleksie en kwaliteit van assesseringstake is vir my belangrik.* Respondent K2 ; … *natuurlik is daar ’n kurrikulumplan. Vergaderings is belangrik vir die bestuur en die koördinering van die kurrikulum.*

Uit die response blyk dit dat die respondente, in ooreenstemming met die literatuur, saamstem dat daar volgens ’n kurrikulumplan gewerk behoort te

word. Wiles en Bondi (1984:129) noem dat een van die aspekte waaroor ŉ kurrikulumleier behoort te beskik is om ŉ jaarplan vir die kurrikulum te kan ontwikkel en te implementeer.

4.5.3.6 Watter meganismes het u in plek om te verseker dat onderwysers kwaliteit-leerervarings toepas in die onderrigleerproses? (Sien B6, 4.3.3)

In antwoord op hierdie vraag het drie van die respondente te kenne gegee dat daar wel meganismes daargestel is. So byvoorbeeld meld K2: … *gereelde interne modereringsprosesse, gereelde klasbesoeke, gereelde vergaderings, die portefeulje, skryfboeke en profiele van leerders word aangevra … , terwyl* K3 gesê het: *Ons kyk na lesbeplanning, interne moderering, boeke word nagesien …* K1 se opmerking: *Ons het genoeg ouers wat dit probeer verseker, maar as daar wel klagtes kom dan word dit hanteer* dui daarop dat daar moontlik nie meganismes bestaan nie.
Dit blyk duidelik te wees uit die response dat al die respondente, met die uitsondering van K1, meganismes in plek het om kwaliteit-leerervarings toe te pas.

4.5.3.7 Hoe dink u ervaar onderwysers u rol in die bestuur en koördinering van die kurrikulum? (Sien B7, 4.3.3)

Uit die respondente se reaksie op hierdie vraag blyk dit duidelik dat die gesag van die kurrikulumkoördineerder erken word en dat daar weinig teenkanting is van die kant van die onderwysers is met betrekking tot die bestuur en koördinering van die kurrikulum, en dat hulle hul samewerking gee. Dit blyk uit die antwoorde: *Ek kry nie eintlik teenkanting nie …* (K4); *Hulle aanvaar dit so, want niemand het nog gekla oor iets nie. Iemand moet dit doen so hulle aanvaar dit so …* (K1)*; [Dis] belangrik om jou tekortkominge te erken. ŉ Openlike gemoed, wees direk …* (K2).

Die response toon aan dat die opvoeders respek het vir die gesagstrukture in die skool en dat hulle daarom nie maklik teenkanting sal bied wanneer opdragte uitgevoer moet word nie.

4.5.3.8 Watter kundigheid sou u reken behoort ’n persoon te hê wat die funksie van die kurrikulumkoördineerder vervul? (Sien B8, 4.3.3)

In respons op die vraag watter kundigheid ’n persoon behoort te hê, blyk dit dat twee respondente eenstemmigheid het oor hierdie kundighede, terwyl die ander twee beklemtoon het dat ervaring in die onderwys baie belangrik is. Respondent K1 het dit soos volg verwoord:: … *jy moet ondervinding hê en dan moet jy aanhou leer …* Respondent K3 het gesê: *[J]y moet goeie ervaring in kurrikulumbestuur in jou klaskamer hê en opleiding,* terwyl respondent K2 die volgende as uiters belangrik geag het: *besonderse leierskap, goeie kommunikasievaardighede en ’n ingesteldheid … moenie stagneer nie.* Belangrike aspekte, volgens respondent K4 was: *sterk leierskappe hê ... persoon moet weet wat regtig in die skool geskied in terme van kurrikulum.*

Na aanleiding van die reponse is dit duidelik dat die deelnemende kurrikulumkoördineerders van mening was dat die betrokke persoon oor ’n reeks vaardighede moet beskik om sy rol te vervul. Dit is in ooreenstemming met die beskrywing wat in die literatuur verskaf word. Wiles en Bondi (1984:129) verwys byvoorbeeld na verskillende kundighede waaroor ’n kurrikulumleier behoort te beskik.

4.5.3.9 Wat, volgens u, is die pligte en verantwoordelikhede van die kurrikulumkoördineerder? (Sien B9, 4.3.3)

Uit die antwoorde van die respondente blyk dit dat koördinering as ’n baie belangrike en verantwoordelike plig beskou word, en daarmee saam die

uitvoer van opdragte om kurrikulumlewering/-implementering te laat geskied. So byvoorbeeld het respondent K1 die uitspraak gelewer dat dit is *om die kurrikulum na te gaan.* Respondent K3 is van mening dat *my pligte en verantwoordelikhede is mos om te koördineer in beide fases hier by die skool.* Volgens respondent K2 *word daar gekyk na 'n plan … uitvoer van opdragte … uitvoer van take … jy moet kan delegeer.* Volgens repondent K4 is dit ook belangrik dat jy moet *werk na 'n doel toe… moenie jou visie uit die oog verloor nie* en baie belangrik jy *moet ondersteuning daar bied.*

Op grond van die respondente se antwoorde kan die aanname gemaak word dat die rol van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier 'n wyer reeks aktiwiteite as bloot net pligte en verantwoordelikhede insluit. Dit is in ooreenstemming met wat in die literatuur gevind word: Stark, Briggs en Poplawski (2002:343) voer aan dat die koördineerder struktuur en taakgeoriënteerdheid moet verkry en kurrikulumbesluite moet implementeer.

4.5.3.10 Samevatting

Die respondente was dit eens dat die koördineringsfunksie 'n baie belangrike deel uitmaak van die verskeidenheid pligte wat `n kurrikulumkoördineerder behoort te verrig. Dit was ook duidelik dat die kurrikulumkoördineerders besef dat hulle `n wye reeks pligte en verantwoordelikhede het, maar nie altyd presies weet wat van hulle verwag word ten opsigte van hul leiersrol en funksies binne kurrikulumontwikkeling nie.

Die afleiding kan ook gemaak word dat daar 'n behoefte aan meer ondersteuning en leiding vir kurrikulumkoördineerders van beide die skool en die WKOD is. Volgens die koördineerders moet hulle eerder op eie kennis staat maak om ondersteuning en leiding aan onderwysers te kan verskaf. Dit op sigself kan problematies wees omdat die effektiewe bestuur en koördinering van die kurrikulum dan nie altyd gewaarborg kan word nie.

Die afleiding kan gemaak word dat daar binne die onderwysstrukture meganismes daargestel behoort te word om te verseker dat kurrikulumkoördineerders opgelei en bemagtig word. Daarby behoort hulle kundigheid voortdurend opgeskerp te word omdat kurrikulumontwikkeling op sigself `n voortdurende ontwikkelingsproses is.

4.5.4 Ondersteuning aan en bemagtiging van opvoeders

4.5.4.1 Wat is die aard van die ondersteuning en leiding wat aan onderwysers verskaf word t.o.v. die kurrikulum? (Sien C1, 4.3.3)

Op die vraag oor ondersteuning en leiding aan opvoeders het respondente verskeie uitsprake gelewer. Respondent K1 het genoem: *Ons het een maal ’n maand ’n sakevergadering … enige nuwe inligting wat deurkom, word bespreek.* Respondent K3 het gesê dat hulle elke Vrydag *personeelontwikkelingsessies hou … sessies hou verband met die groeiplanne van die opvoeders oor watter tipe ondersteuning onderwysers benodig.* Respondent K2 het gefokus op *deelnemende beplanning … hoe dinge geïmplementeer gaan word … ondersteuning bied deur hou van gereelde vergaderings.* Respondent K4 het beklemtoon dat hulle baie *goeie ondersteuning van die distriksamptenare (WKOD) kry … die ondersteuning wat ons kry vanaf kundiges in ons gebied is baie goed.*

Na aanleiding van die response is dit nie duidelik of die deelnemende kurrikulumkoördineerders probeer om onderwysers te bemagtig om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle eie ontwikkeling deur selfbemagtiging, of dat onderwysers slegs wag vir eksterne geleenthede nie. Wat wel afgelei kan word, is die positiewe aspek dat die respondente van mening was dat hulle doelbewus geleenthede skep om hul onderwysers ingelig te hou en te ondersteun. Ondersteuning van onderwysers blyk dus ’n belangrike aspek van die kurrikulumkoördineerder se funksie te wees.

4.5.4.2 Het u enige programme of opleiding in plek om onderwysers te bemagtig in die kurrikulum? (Sien C2, 4.3.3)

Die respondente het uiteenlopende response gelewer op hierdie vraag. So byvoorbeeld het respondent K1 gemeld: *Ja, wanneer hulle toegespreek word – daai tipe ding.* Hierteenoor het respondent K3 gesê: *Nee, ek het nie programme in plek nie.* Respondent K4 het wel aangedui dat *daar werksessies gereël [word] … ons vra kundiges in die streek om werksessies te hou … ons vra kollegas van ander skole.*

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat kurrikulumkoördineerders geen spesifieke programme in hul onderskeie skole daargestel het om onderwysers te bemagtig nie, behalwe vir die werksessies waaraan onderwysers blootgestel word. Dit sou vir die kurrikulumkoördineerder tot voordeel wees indien hy/sy ’n geleentheid skep vir die bemagtiging van programme wat spesifiek op die bemagtiging van onderwysers in kurrikulumontwikkeling gerig is, en hulle dan op ’n gereelde basis aanbied soos dit elke skool pas.

4.5.4.3 Dink u daar word genoegsaam klem gelê op die opleiding van onderwysers om die kurrikulum effektief toe te pas? (Sien C3, 4.3.3)

Die response van die kurrikulumkoördineerders met betrekking tot hierdie vraag het verskil: Respondent K4 se mening was: *Nee, want ’n student wat pas van die kollege af kom, kry te min ervaring binne ’n klaskamer … voor hulle gereed is om skool toe te kom … boekekennis en praktiese ervaringe is twee verskillende goed;* en K1 s’n: *Nee, ongelukkig nie … daar word nie soseer klem gelê op die kind en werk wat daardie kind kan bemeester nie … te veel klem gelê op ander goed.* Respondent K3 se siening was egter: *Ja, daar word klem gelê op die opleiding van onderwysers … maar dit sal seker nooit genoeg wees nie.* Volgens Respondent (K2) is *opvoeders ...*

geneë om enige moontlike werkswinkel by te woon … al is dit in die vakansies.

Uit die response van die deelnemers blyk dit dat die kurrikulumkoördineerders saamgestem het dat daar baie klem gelê behoort te word op die opleiding van onderwysers. Dit wil voorkom dat daar ook `n gevoel bestaan dat klem nie noodwendig op onderrig en leer is nie, maar dat baie tyd in beslag geneem word deur die administratiewe lading waarmee onderwysers daagliks gekonfronteer word.

4.5.4.4 Samevatting

Uit bogenoemde reponse van die respondente kan afgelei word dat kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers programme behoort te hê om die bemagtiging van opvoeders te bewerkstellig. Koördineerders behoort dus doelbewus geleenthede binne die skoolstruktuur te skep om onderwysers se kennis en vaardighede in kurrikulumontwikkeling uit te bou. Die fokus behoort dus te verskuif vanaf die administratiewe werklading van opvoeders na die opleiding van onderwysers, die skep van kwaliteit-leerervarings vir leerders en die lewering van `n kurrikulum van gehalte.

4.5.5 Skakeling met verskillende rolspelers

4.5.5.1 Wat is u ervaring van ouerbetrokkenheid m.b.t. die kurrikulum? (Sien D1, 4.3.3)

Na aanleiding van die vraag oor ouerbetrokkenheid kon slegs respondent K1 noem dat ouers baie betrokke by die skole is. Respondent K2 het gesê: *Onbetrokkenheid moet regtig verbeter … daar is maar ’n handjievol ouers wat kom … dié wat ons gewoonlik daar wil hê, is nie hier nie.* Respondent K3 het soos volg uitspraak gelewer: *Veertig persent van ons ouers is nou*

betrokke. In die geval van respondent K4 het sy gesê: *Eerlikwaar, ons ouers is baie min betrokke by hulle kinders.*

Na aanleiding van bogenoemde – met die uitsondering van een geval – is dit duidelik dat ouerbetrokkenheid (in ons gemeenskappe) by die kurrikulum ŉ wesenlike probleem is. Die navorser is van mening dat hierdie uitdaging baie groot is en dat skole strategies moet beplan om hierdie probleem aan te spreek. In belang van die kinders en ouers van Suid-Afrika behoort hierdie verantwoordelikheid aanvaar te word ten einde die onderwysstelsel te laat verbeter.

4.5.5.2 Watter programme het u in plek om ouers op hoogte te hou van die veranderinge in die kurrikulum? (Sien D2, 4.3.3)

Uit bogenoemde vier response blyk dit dat die respondente dit eens is dat hulle gereelde oueraande hou en dat hulle ouers inlig deur die uitstuur van nuusbriewe. Enige verandering in die kurrikulum word hierdeur so gou moontlik aan die ouers bekend gemaak.

4.5.5.3 Hoe verseker u dat die skoolkurrikulum voorsiening maak vir die behoeftes van die gemeenskap? (Sien D3, 4.3.3)

Ten opsigte van hierdie vraag het die respondente soos volg gereageer: Respondent K1 het gesê dit geskied *deur werksessies en inligtingsvergaderings te hou oor die kurrikulum.* Respondent K2 het nie ŉ duidelike antwoord verskaf nie: *Ons bly by die basiese … in die primêre skole het ons die basiese kurrikulumvoorskrifte.* Volgens respondent K3 probeer hulle soos volg voorsiening maak vir die behoeftes van die gemeenskap: *Ons het rekenaarklasse waar mense na die skole kan kom.* Volgens respondent K4 *probeer [ons] gereeld die ouers inlig … deur die aanbied van werksessies oor die verandering in die kurrikulum.*

Dit blyk duidelik uit die response van die respondente dat daar nie werklik met die ouers oorleg gepleeg word oor wat hulle graag in die skoolkurrikulum sou wou hê nie. Wat die kurrikulum betref hou skole by die basiese voorskrifte van die WKOD.

4.5.5.4 Watter ontwikkelingsprogramme stuur u van stapel om die ouers en gemeenskap op hoogte te hou t.o.v. veranderinge in die kurrikulum? (Sien D4, 4.3.3)

In die geval van vraag 4 het geen respondent ’n aanduiding gegee van tipe programme wat gevolg word nie, met ander woorde, dit blyk dat daar nie sulke programme vir ouers is nie. Respondente K1, K3 en K4 het egter genoem dat hulle gereeld alle inligting oor die kurrikulum op skrif aan ouers deurgee.

Dit blyk dat geeneen van die respondente spesifieke ontwikkelingsprogramme van stapel stuur om ouers op hoogte te hou van veranderinge in die kurrikulum nie. Volgens die literatuur soos in Macpherson en Brooker (2000:2) is kurrikulumleierskap `n gedeelde fenomeen tussen verskillende rolspelers wat almal `n bydrae maak om die praktyk van kurrikulumleierskap te vorm. Daarom is dit belangrik dat die skool aan die behoeftes van die gemeenskap moet voldoen. Die kurrikulumkoördineerder behoort dus in sy/haar beplanning en ontwikkeling van die kurrikulum hiervoor voorsiening te maak.

4.5.5.5 In watter mate en op watter wyse ontvang u ondersteuning van u betrokke onderwysdistrik? (Sien D5, 4.3.3)

Op vraag 5 het al vier respondente dieselfde uitspraak gelewer. Hulle was dit eens dat hulle goeie ondersteuning van hul onderskeie onderwysdistrikte ontvang. Uitsprake soos die volgende dien as voorbeeld: *Ek kan net bel dan kry ek ondersteuning …* (K2); Ons *kry gereeld ondersteuning* (K1) … ons

onderwysdistrik help vir ons … (K3); … *ek ontvang goeie ondersteuning…* (K4).

Dit is duidelik uit die bogenoemde dat kurrikulumkoördineerders goeie en gereelde ondersteuning van hul betrokke onderwysdistrik ontvang. Wat egter belangrik is, is dat hierdie ondersteuning ʼn deurlopende proses behoort te wees, wat wel die geval blyk te wees wat hierdie betrokke koördineerders betref.

4.5.5.6 Assessering speel ʼn belangrike rol in die onderrigleerproses. Wat doen u om te verseker dat alle rolspelers ingelig is omtrent hierdie aspek? (Sien D6, 4.3.3)

In die geval van vraag D6 het drie van die respondente aangedui dat daar doelmatig aandag aan hierdie aspek gegee word. Respondent K1 het gesê: … *ʼn assesseringsprogram word aan die ouers gestuur.* Respondent K3 het genoem dat hulle aan die einde van elke jaar *ʼn assesseringsprogram op[stel] … die program word aan die ouers uitgegee.* Respondent K2 het klem gelê op die gehalte van assesseringstake wat nie op standaard is nie: … *die kwaliteit, die gehalte van assessering en hoe dit gedoen word*. Volgens K4 moet die … *opvoeder weet wat van hom verwag word … [en die] leerder moet weet wat van hom verwag word … assessering moet vooraf aan die leerder en ouer bekend gemaak word.*

Dit blyk dus dat kurrikulumkoördineerders ʼn plan het om alle rolspelers in te lig oor assesseringspraktyke. Dit is belangrik vir die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier om hierdie prosesse te beplan en duidelik deur te gee aan alle rolspelers wat betrokke is by die onderrigleerproses van die leerders.

4.5.5.7 Samevatting

Die response dui aan dat die kurrikulumkoördineerders ouerbetrokkenheid as ŉ belangrike element beskou in die onderrigleerproses. Die kurrikulumkoördineerders het gerapporteer dat ouerbetrokkenheid nie na wense is nie, en dat dit ŉ groot uitdaging bly vir ŉ skool om sy ouergemeenskap betrokke te kry by die onderrig van hul kinders. Met betrekking tot kurrikulumlewering speel ouerbetrokkenheid ŉ belangrike rol in die kwaliteit-opvoeding van leerders.

Dit is duidelik dat kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers hierdie uitdaging sal moet aanvaar om effektiewe kurrikulumlewering vir skole te bevorder.

4.5.6 Onderwysvernuwing

4.5.6.1 Hoe hanteer u die bemagtiging van onderwysers t.o.v. onderwysvernuwing? (Sien E1, 4.3.3)

Op vraag E1 het die respondente uiteenlopende uitsprake gelewer. Respondent K1 het gesê: *Opvoeders word aangemoedig om werksessies by te woon … om verder te studeer … deur inligting aan hulle deur te gee.* Respondent K2 het genoem: … *die beskikbaarheid van inligting – dit word nie van hulle weerhou nie … daar is meer persone wat verder studeer.* Respondent K3 het soos volg gereageer: … *jy moet hulle blootstel… laat hulle projekte van stapel stuur … laat mense die geleentheid kry om hulle stem te laat hoor … opvoeders word aangemoedig om hulleself te bemagtig.* Respondent K4 was van mening dat sy dit nogal goed hanteer: *Werksessies en seminare word bygewoon … alle inligting word weer oorgedra.*

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar ŉ behoefte bestaan dat kurrikulumkoördineerders personeelontwikkelingsprogramme van stapel

moet stuur om onderwysers te bemagtig. Dit wil egter voorkom of kurrikulumkoördineerders tog probeer om onderwysers te motiveer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle eie ontwikkeling deur selfbemagtiging of geleenthede van buite.

4.5.6.2 Hoe dink u ervaar onderwysers hierdie veranderinge in die kurrikulum? (Sien E2, 4.3.3)

Respondente het die volgende response gelewer op bogenoemde vraag: *M*ense *raak gewoond aan die verandering … die onderwysers is nogal positief* (K1); *Vir sommige is dit 'n bietjie stresvol … vir my miskien self* (K2); *Almal is nie optimisties daaroor nie … die ou garde wil nog by die ou reëls hou … daar is tog dié wat positief vorentoe kyk.*

Alhoewel onderwysers onder geweldige druk verkeer vanweë die voortdurende veranderinge in die kurrikulum, wil dit voorkom of hulle tog steeds hul werk positief benader. Die probleem wat egter altyd ontstaan is dat onderwysers selde deel het aan besluitneming met betrekking tot kurrikulumverandering. Die wyse waarop hierdie veranderde inligting aan hulle gedissemineer word veroorsaak dikwels verwarring by onderwysers wanneer dit kom by die implementering van die kurrikulum. Dit op sigself is frustrerend vir 'n onderwyser en het 'n negatiewe invloed op die onderrigleersituasie.

4.5.6.3 Wat doen u as leier om te verseker dat daar 'n positiewe klimaat t.o.v. leer en onderrig in die skole heers te midde van hierdie voortdurende veranderinge? (Sien E3, 4.3.3)

Die respondente het verskillende response gelewer op hierdie vraag. Respondent K1 het genoem: *Ons onderwysers is altyd positief en probeer hul beste lewer.* Respondent K2 het soos volg geantwoord: *Ja, ek dink die opvoeders is positief te midde van al die veranderings … ondersteuning*

moet daar wees vir mekaar. Respondent K4 se mening was: *Spanbousessies is belangrik* en respondent K3 het gevoel dat ʼn positiewe klimaat geskep kan word deur *personeelontwikkelingsessies … modellesse aan te bied.*

Ondanks die feit dat onderwysers voortdurend blootgestel word aan beleidsveranderinge in die kurrikulum, wil dit tog voorkom asof hulle steeds`n positiewe houding teenoor hulle werk openbaar. Dit blyk ook dat daar voortdurend ondersteuning en motivering behoort te wees om `n positiewe klimaat te probeer verseker.

4.5.6.4 Hoe hanteer u die uitdagings van ʼn voortdurend veranderende kurrikulum? (Sien E4, 4.3.3)

Die respondente het op die vraag oor hoe hulle die uitdagings van ʼn voortdurend veranderende kurrikulum hanteer soos volg geantwoord: Respondent K1 *Ons probeer altyd positief bly al is dit soms moeilik … voortdurende veranderinge plaas geweldige druk op onderwysers.* Vir respondent K2 was dit *om op hoogte te bly … absorbeer alles wat nodig is vir kurrikulumontwikkeling.* Respondent K3 het gevoel dat ʼn leier altyd *positief moet bly oor die veranderinge ... dit is nie altyd maklik nie … probeer dinge vereenvoudig…*

Daar is ervaar dat kurrikulumkoördineerders, ondanks al die veranderinge in die kurrikulum, steeds poog om hul beste te lewer deur ʼn positiewe ingesteldheid te openbaar. Soos Lumby (in Thurlow et al. 2003:11) tereg opmerk: “Change is a perpetual motion and will happen, but its direction and speed can only be influenced if the process is led.” Slegs binne so ʼn klimaat kan kurrikulumkoördineerders ʼn belangrike leiersrol vertolk om onderwysers positief te motiveer om te verseker dat hulle bereidwillig sal wees om kreatief by kurrikulumontwikkeling betrokke te raak.

4.5.6.5 Samevatting

In die huidige onderwysopset is dit baie belangrik dat kurrikulumleiers sterk leiding neem in die kurrikulumontwikkelingsproses. Die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier speel dus onteenseglik ’n uiters belangrike rol in die bevordering van verandering en vernuwing. Soos Franken (1994:33) dit stel: “Effektiewe kommunikasie met die personeel, maar ook met die ouers en gemeenskap is noodsaaklik om verandering aan hul oor te dra.”

Dit was verblydend om te ervaar dat die kurrikulumkoördineerders met wie daar onderhoude gevoer was, onder moeilike omstandighede te midde van vernuwing en verandering hul onderwysers steeds motiveer en positief beïnvloed om kurrikulum van ’n hoë gehalte te lewer.

4.6 SAMEVATTING EN SLOT

Uit die analise van die data soos verkry uit die onderhoude kan die volgende afleidings gemaak word: Dit blyk dat daar by die deelnemende kurrikulumkoördineerders twyfel bestaan het oor wat presies hul leiersrol en funksie behoort te wees. Voorts was die kurrikulumkoördineerders onder die wanindruk dat, vanweë hulle uitgebreide onderwyservaring, bloot hierdie ervaring vir hulle die nodige vaardighede en kennis sal gee om leiding en ondersteuning aan onderwysers te kan verskaf.

Die response dui daarop dat die kurrikulumkoördineerders beperkte kennis, begrip en ervaring demonstreer ten opsigte van die leiersvaardighede wat verlang word. Hierdie situasie kan ’n nadelige effek hê op die mate waarin hulle hul leiersrol vervul. Dit is kommerwekkend dat persone wat so ’n belangrike rol vervul nie heeltemal duidelikheid gehad het oor leiersrol wat van hulle verwag word nie. Dit wil tog voorkom asof die betrokke respondente begryp het dat hul rol as koördineerders nie net bestuursmatig van aard is nie, maar dat daar ’n leierskapfunksie betrokke is.

Respondente was almal van mening dat indiensopleiding noodsaaklik is om hul taak effektief te kan vervul. Omdat daar egter geen raamwerk of riglyne aan hulle verskaf is en geen gepaardgaande opleiding dus kon plaasvind nie, bemoeilik dit die effektiewe bestuur en koördinering van die kurrikula waarvoor hulle verantwoordelik is.

Dit is ook duidelik uit die response van die deelnemers dat hulle die belangrikheid daarvan besef om oor grondige kurrikulumteorie en kurrikulumvaardighede te beskik ten einde kurrikulumverandering suksesvol te kan toepas. Hulle besef die belangrikheid van hulle verantwoordelikheid om leidinggewend en ondersteunend op tree met betrekking tot kurrikulumaangeleenthede.

Die kurrikulumkoördineerders besef ook dat hulle onderrigleiers is en dat dit dus belangrik is dat hulle die uitdagings van `n voortdurend veranderende kurrikulum moet aanvaar om vernuwend en kreatief op te tree in hul rol as kurrikulumleiers.

In hoofstuk 5 word die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word ’n opsomming gegee van die bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die studie voortvloei.

Die primêre doel en fokus van hierdie navorsing was om ondersoek in te stel na die moontlike rolle en funksies van `n kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier. Ten einde die genoemde navorsingsvraag te beantwoord het die navorser ’n navorsingsontwerp vanuit ’n interpretatiewe navorsingsparadigma gebruik. Hierdeur wou die navorser ’n grondige begrip en verstaan probeer verkry oor die individuele deelnemende kurrikulumkoördineerders se persepsies en ervarings van hul funksie ten opsigte van kurrikulumbestuur en -leierskap binne hul bepaalde skoolkontekste.

5.2 SAMEVATTING VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE

Hoofstuk 1 van die studie, die inleidende oriëntering, het die konteks van onderwystransformasie in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel geskets. Daar is spesifiek gefokus op die rol van die kurrikulumkoördineerder, wat ook die rasionaal was vir hierdie ondersoek. Daarbenewens is die doelstellings van die ondersoek, ’n begripsverklaring, die navorsingsontwerp en -metodologie en laastens die strukturering van die verdere verloop van die hele verslag duidelik omskryf.

In hoofstuk 2 is die literatuur oor die kurrikulumkoördineerder asook hul rol en funksie binne kurrikulumbestuur en -ontwikkeling beskryf. Literatuur wat betrekking het op die konsep ‘kurrikulumleierskap en -bestuur’ is ook in hierdie verband ondersoek en beskryf. Enkele toepaslike teoretiese aspekte van kurrikulumontwikkeling is beskryf, en daar is ook ondersoek ingestel na die ontstaan van die begrip ‘kurrikulumkoördineerder’ in die huidige onderwysopset.

In hoofstuk 3 is die implementering van die ondersoek bespreek. Die navorser het ŉ kwalitatiewe navorsingstudie binne die interpretatiewe navorsingsparadigma onderneem. Die datagenerering het plaasgevind deur middel van semi-gestruktureerde vrae en verskillende stappe is gevolg om die geldigheid en betroubaarheid van die data te verseker. Daar is ook aandag gegee aan die etiese aspekte wat tydens die implementering van die ondersoek na vore gekom het.

In hoofstuk 4 is die rou data wat deur die semi-gekonstruktureerde onderhoude gegenereer was aangebied en volgens verskillende kategorieë vrae gegroepeer en ontleed. ŉ Opsomming van die vernaamste bevindinge wat hieruit voortgespruit het sal vervolgens bespreek word.

5.3 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

5.3.1 Leierskaprol

Die voortdurende onderwysvernuwing in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beklemtoon die komplekse uitdaging van die rol en leierskapfunksie van die kurrikulumkoördineerder wat die verantwoordelikheid moet aanvaar vir die sukses van kurrikulumverandering binne die skool. Die veranderinge wat uit vernuwing voortspruit het `n skerper bewustheid aangaande hul rol en verantwoordelikhede met betrekking tot kurrikulumontwikkeling by die deelnemende kurrikulumkoördineerders ontwikkel.

Kurrikulumleierskap en - bestuur vorm `n integrale deel van die leierskapfunksie van die kurrikulumkoördineerder. Ondanks die feit dat kurrikulumkoördineerders geen of weinig opleiding gehad het om die rol van kurrikulumleier te vertolk, aanvaar hulle steeds die verantwoordelikhede om leiding te verskaf in kurrikulumontwikkeling en poog hulle om hulself te bemagtig ten einde hierdie verantwoordelikheid te kan nakom.

Die gebrek aan opleidingsgeleenthede kan dus problematies wees omdat toepaslike kennis en vaardighede moontlik by die deelnemende kurrikulumkoördineerders, wat

leiding moet verskaf in hul leiersposisies, kan ontbreek. Dit is daarom belangrik dat die kurrikulumkoördineerders vertroud moet wees met ʼn wye spektrum van kennis oor kurrikulumteorieë om sodoende alle rolspelers te betrek by die beplanning en implementering van die skoolkurrikulum.

Die effektiewe leierskaprol van die kurrikulumkoördineerder is `n belangrike bepaler vir die sukses van kurrikulumverandering in die praktyk. Die deelnemende kurrikulumkoördineerders moet die rol aanvaar om leiding te gee in die implementering van die verandering. Binne die huidige konteks van kurrikulumvernuwing en onderwystransformasie is dit dus duidelik dat die betrokke kurrikulumkoördineerders `n baie belangrike leierskaprol te vervul het.

5.3.2 Kurrikulumkoördineringsfunksie

Die skool kan nie effektief funksioneer indien die kurrikulum nie goed bestuur word nie. Daarom is dit belangrik dat skoolbeplanning voorsiening moet maak vir die effektiewe koördinering van die kurrikulum in elke faset van die skool.

Dit blyk dat dit `n uitdaging is vir die deelnemende kurrikulumkoördineerders om `n balans te probeer handhaaf tussen die eise van wat in die kurrikulum verwag word en die werklike implementering daarvan in die praktyk.

- Hulle bestuursvernuf, positiewe houding en bereidwilligheid om `n paradigmaskuif te maak sal uiteindelik bepaal of die kurrikulum suksesvol geïmplementeer word. ʼn Positiewe teken is dat die deelnemende kurrikulumkoördineerders bewus is van hul huidige verantwoordelikhede soos hulle dit verstaan. Dit blyk egter dat die leiding, ondersteuning en indiensopleiding wat hulle nodig het steeds in hulle alledaagse werksomstandighede ontbreek. Deur hierdie ondersoek is ʼn duidelike behoefte aan opleiding en voorbereiding geïdentifiseer. Dit is ʼn kwessie wat aangespreek sal moet word.

5.3.3 Ondersteuning aan en bemagtiging van onderwysers

Effektiewe kurrikulumlewering behoort die basis te vorm van enige skoolbeplanning. Kurrikulumkoördineerders behoort geleenthede te skep vir deurlopende persoonlike en professionele ontwikkeling van onderwysers. Die deelnemende kurrikulumkoördineerders is bewus van die behoefte aan bemagtigingsgeleenthede om onderwysers op te lei. Hulle is dit eens dat daar programme ontwikkel moet word om onderwysers se kennis en vaardighede te verbeter.

Kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers is verantwoordelik om personeelontwikkelingsprogramme te ontwikkel wat aan onderwysers die geleenthede bied om hulle vaardighede te verbeter. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat hulle wel gepoog het om leiding te verskaf deur die reël van werksessies sodat onderwysers tred kon hou met die veranderinge. Sodoende het hulle gepoog om te demonstreer dat hulle aan die verwagtinge van hulle rolspelers probeer voldoen. Om kwaliteit-onderrig te lewer wat aan die verwagtinge van die ouers en leerders voldoen, moet kurrikulumkoördineerders sorg dat daar aan onderwysers ondersteuning gebied word om die nuwe kurrikulum te verstaan en korrek te kan implementeer.

Ondersteuning aan en die deurlopende bemagtiging van onderwysers word dus deur die deelnemende kurrikulumkoördineerders as ’n kernfunksie beskou.

5.3.4 Skakeling met verskillende rolspelers

’n Kurrikulumkoördineerder sou ’n belangrike funksie kon vervul deur as skakel met ander rolspelers soos die skoolhoof en vakadviseurs op te tree. Die deelnemende kurrikulumkoördineerders het egter relatief min ervaring getoon om gemeenskaplike samewerking in die onderrigleersituasie onder verskillende rolspelers te bevorder. Dit is duidelik `n uitdaging vir hulle om sosiale verhoudings in die skoolkonteks tussen onderwysers en die gemeenskap uit te bou. Dit is belangrik dat kurrikulumleiers die vaardigheid moet ontwikkel om hul mensekennis te verbeter ten einde onderwysers effektief te kan bestuur.

Die deelnemende kurrikulumkoördineerders het te kenne gegee dat hulle onbetrokkenheid as ʼn belangrike element in die opvoeding van leerders beskou. Volgens hierdie ondersoek bly dit egter ʼn groot uitdaging vir kurrikulumkoördineerders om die ouergemeenskap betrokke te kry by kurrikulumontwikkeling en kurrikulumverwante aspekte en is hul leierskap van kardinale belang om dit te bewerkstellig.

Die implikasie van bogenoemde is dat die kurrikulumkoördineerders ondersoek moet instel om seker te maak dat die kurrikulum in die behoeftes van die gemeenskap voorsien. Dit is dus noodsaaklik dat skole `n meer indringende benadering ten opsigte van gemeenskapsbetrokkenheid behoort te handhaaf, sodat die gemeenskap eienaarskap van die skool kan neem. Ouers behoort aangemoedig en gemotiveer te word om betrokke te raak by die opvoeding van hul kinders. Gemeenskapsbetrokkenheid en eienaarskap van skole het ʼn positiewe effek op die kurrikulum en is baie belangrik vir die ontwikkeling van funksionele en effektiewe skole.

5.3.5 Onderwysvernuwing

Dit is gebiedend noodsaaklik dat kurrikulumkoördineerders ʼn positiewe, leidende rol moet neem om die vele uitdagings van ʼn veranderende kurrikulum die hoof te kan bied. Hulle behoort in staat te wees om kreatief en vernuwend op te tree wanneer hulle ondersteuning bied aan onderwysers.

Die deelnemende kurrikulumkoördineerders het gedemonstreer dat hulle, ongeag die voortdurende beleidsveranderinge en ander moeilike omstandighede, tog probeer om onderwysers te motiveer om effektiewe kurrikulumlewering te bevorder. Kurrikulumkoördineerders probeer om op hoogte te bly van die voortdurende veranderinge. Hulle probeer ook om ʼn motiverende, ondersteunende rol aan te neem wat noodsaaklik is vir onderwysers om hul beste te lewer.

Verder aanvaar hulle die uitdaging om nuwe inligting aangaande die kurrikulum te probeer vereenvoudig en meer verstaanbaar te maak sodat dit meer toeganklik is vir die onderwysers om dit te implementeer.

Die deelnemende kurrikulumkoördineerders het te kenne gegee dat hulle gedurig op hul leiersrol fokus om onderwysers aan te moedig sodat hulle gereeld werksessies, selfs in die vakansies, bywoon om hulle op hoogte te bring van die nuwe kurrikulum. Die kurrikulumkoördineerders het besef dat deur ondersteunend op te tree, hulle ʼn bydrae kan lewer tot ʼn positiewe klimaat, een van openheid en vertroue onder en tussen onderwysers.

Die bevindinge toon aan dat, alhoewel kurrikulumkoördineerders nie altyd duidelikheid het oor hulle rol en funksie nie, hulle tog bereid is om leiding te gee in die onderrigleersituasie. Die respondente was dit egter eens dat ʼn persoon wat in hierdie posisie werksaam is, gedurig op hoogte van nuwe ontwikkelinge in die kurrikulum moet wees.

5.4 Opvoedkundige implikasies

Die implikasie van die voorafgenoemde is dat kurrikulumkoördineerders meer effektief en doelmatig opgelei en bemagtig moet word om rigting en leiding te gee en innoverend te kan optree in kurrikulumontwikkeling binne die skoolkonteks. Hierdie behoefte is deurlopend deur die respondente uitgespreek. Uit die studie is dit duidelik dat roluitklaring oor die werksportefeulje van die kurrikulumkoördineerder in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gebiedend noodsaaklik is.

Daar word voorgestel dat ʼn raamwerk deur die onderwysdepartement daargestel word om kurrikulumkoördineerders te help om die nodige kennis, vaardighede en houdings te ontwikkel om effektiewe kurrikulumleierskap te kan toepas.

Antwoorde op die navorsingsvraag toon dat sekere leemtes geïdentifiseer is wat aangespreek behoort te word, veral met betrekking tot die voorbereiding en opleiding van kurrikulumkoördineerders ten einde hulle te bemagtig om as vernuwingsagente en ware kurrikulumleiers te kan funksioneer. Alhoewel die respondente baie jare onderwysondervinding het en besef dat hulle `n koördineringsfunksie behoort te verrig, is hulle onseker oor wat hierdie bepaalde leiersfunksie behoort te wees.

Daar is beslis onder die deelnemende kurrikulumkoördineerders `n behoefte aan en ’n strewe na indiensopleiding, die verskaf van ’n raamwerk met riglyne, sowel as opleiding in bepaalde vaardighede wat hulle in staat sal stel om hul werk meer effektief en professioneel te kan verrig. Hulle dring daarop aan dat die onderwysdepartement indiensopleiding, ondersteuning en leiding gee sodat hulle roluitklaring aangaande hul werksportefeulje kan kry.

5.5 Aanbevelings vir verdere ondersoek

Na aanleiding van die voorafgaande bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings vir verdere ondersoek gemaak:

- Aangesien die ondersoek slegs by vier skole gedoen is, word daar aanbeveel dat daar by meer skole navorsing gedoen word om ’n groter verteenwoordiging te verseker.
- Daar word ook aanbeveel dat die belewing van onderwysers oor die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder as kurrikulumleier ondersoek word.
- Daar word ten slotte aanbeveel dat die WKOD spoedig `n moontlike raamwerk en beleid daarstel wat as riglyn kan dien oor die funksie van die kurrikulumkoördineer. Hierdie behoefte word as noodsaaklik beskou.

5.6 Beperkinge van die studie

Hierdie navorsing oor die rol van die kurrikulumkoördineerder is slegs verteenwoordigend van `n kleinskaalse studie en daar kan dus nie op veralgemening ten opsigte van onderwys in Suid -Afrika in sy geheel, aanspraak gemaak word nie. Die bestaan van so ’n funksionaris is egter nog nie ’n algemene gebruik in skole nie en vir die doel van hierdie betrokke ondersoek, was dit dus sinvol om ’n ondersoek op ’n kleiner skaal te onderneem.

5.7 Slotperspektief

Dit is gebiedend noodsaaklik dat die skoolkurrikulumkoördineerder optimaal sal funksioneer as kurrikulumleier en -bestuurder in Suid - Afrikaanse skole ten einde effektiewe kurrikulumlewering in die skole te verseker. Na aanleiding van die bevindinge van die studie is dit duidelik dat kurrikulumbestuur steeds `n uitdaging en groot verantwoordelikheid is vir skole.

Kurrikulumkoördineerders het die verantwoordelikheid om die kurrikulumprosesse binne die skool te lei en te bestuur. Daarom verlang hierdie funksionarisse duideliker riglyne en opleiding oor hoe om die kurrikulum effektief binne die skoolstelsel te kan bestuur en te koördineerder. Alhoewel die deelnemende kurrikulumkoördineerders hul leiersrol as kurrikulumleiers positief ervaar en steeds probeer om kollegas positief te motiveer om kwaliteit-onderrig en leer te verskaf, is hulle steeds afhanklik van die nodige ondersteuning en is daar ’n ernstige behoefte aan meer doelmatige opleiding en voorbereiding.

Met betrekking tot die navorsingsvraag blyk die rol van die deelnemende kurrikulumkoördineerders hoofsaaklik een van `n koördineringsfunksie te wees, alhoewel hulle besef dat daar tog bepaalde leierskapsfunksies aan die rol gekoppel kan word. Dit wil dus voorkom asof kurrikulumkoördineerders nie duidelikheid het oor hoe om hul rol en funksie in kurrikulumbestuur en -implementering effektief uit te voer nie.

Dit impliseer dat daar beslis ruimte is vir `n doelmatige indiensopleidingsprogram.

Die studie openbaar ook dat dit belangrik is vir skoolhoofde en skoolbestuurspanne om te besin oor die identifisering van die betrokke kurrikulumkoördineerder (m.a.w. aan wie die rol toevertrou kan word en oor watter eienskappe die persoon behoort te beskik) asook oor die wyse waarop persone hierdie verantwoordelike taak behoort te verrig. Dit blyk uit die onderhoude met die deelnemers dat skoolhoofde en skoolbestuurspanne persone na willekeur as kurrikulumleiers in hierdie portefeulje plaas en dat hulle dus nie noodwendig oor die nodige kurrikulumvaardighede en -kennis beskik nie.

Effektiewe kurrikulumleierskap blyk dus `n belangrike bepalende faktor te wees vir suksesvolle kurrikulumontwikkeling binne die skoolstelsel. In hierdie verband behoort die rol en funksie van die kurrikulumkoördineerder dus nie geringgeskat te word nie.

Suksesvolle kurrikulumontwikkeling is té belangrik, aangesien die kurrikulum die instrument is waardeur kinders se potensiaal ontgin word. In hierdie proses is kurrikulumleierskap en –bestuur van kardinale belang.

BRONNELYS

Adelman, C., Jenkins, D. & Kermis, S. 1996. *Rethinking case study*. Melbourne: Deakin University Press.

Babbie, E. 2001. The Practise of social Research. Neënde uitgawe. United States of America: Wadsworth/ Thomson Learning.

Babbie, E. & Mouton, J. 1998. *The practice of social research*. Kaapstad: Oxford University Press.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. Tweede uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.

Bailey, G.D. 1990. *How to improve curriculum leadership: Twelve tenets. Tips for principals from NASSP*. Preston: National Association of Secondary School Principals.

Bass, B.M. 1990. *Handbook of leadership*. New York: Free Press.

Brady, L. 1992. *Curriculum development*. Vierde uitgawe. New York: Prentice Hall.

Burns, R.B. 2000. *Introduction to research methods*. Vierde uitgawe. Londen: Sage.

Carl, A.E. 1986. Onderwyserbetrokkenheid by kurrikulumontwikkeling in sekondêre skole in die RSA. Ongepubliseerde DEd-proefskrif, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.

Carl, A.E. ,Volschenk, A.D.L., Franken, T., Ehlers,R., Kotze,K., Louw,N. & Vander Merwe,C. 1988. Curriculum Development in the Primary School: A Modular Approach. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Carl, A.E. 1993. Kurrikulumdisseminasie as ’n kritiese fase binne kurrikulumontwikkeling. Klasaantekeninge, MEd., Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.

Carl, A.E. 2002. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. Tweede uitgawe. Kaapstad: Juta.

Carl, A.E. 2009. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into Practice*. Derde uitgawe. Kaapstad: Juta.

Chapman, J. (ed.) 1990. School based descision – making and management. London: Falmer Press.

Clark, D.C. & Clark, S.N. 1996. Better preparation of educational leaders. *Educational Researcher* 23(9):18–20.

Creswell. J.W. 1994. *Research design: Qualitative and quantitative approaches*. Kalifornië: Sage.

Denscombe, M. 2003. *The good research guide*. Tweede uitgawe. Philadelphia: Open University Press.

Doll, R.C. 1978. *Curriculum improvement*: *Decision making and process*. Vierde uitgawe. Boston: Allyn and Bacon.

Doll, R.C. 1992. *Curriculum improvement*: *Decision making and process*. Neënde uitgawe. Boston: Allyn and Bacon.

Durrheim, K. 1999. Research design. In M. Terre Blanche & K. Durrheim (reds.). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Kaapstad: University of Cape Town Press: (29-53)

Du Toit, R.C. 1989. ’n Onderwysbestuurperspektief op onderwysvernuwing.Ongepubliseerde MEd-tesis, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.

Franken, M. 1994. Die leierskapsrol van die skoolhoof ten opsigte van kurrikulumontwikkeling. Ongepubliseerde MEd-tesis, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.

Gibbon, J. 1981. The role of the principal in curriculum development and innovation. *Educational Journal* 91(3):52–57.

Glatthorn, A. 1987. Leadership: Development and Implementation: California. Sage Publication

Glatthorn, A.A., Boschee, F. & Whitead, B.M. 2006. *Curriculum leadership and implementation*. Londen: Sage.

Gorton, R.A. 1976. *School administration: Challenge and opportunity for leadership.* Iowa: WMC Brown Company.

Kotter, J.P. 1988. *The leadership factor*. New York: Free Press.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. *Practical research: Planning and design*. Sewende uitgawe. Upper Saddle River, NJ: Merrill Prentice Hall.

Macpherson, I. & Brooker, R. 2000. Positioning stakeholders in curriculum leadership:
How can teacher educators work with teachers to discover and create their place? *Asia-Pacific Journal of Teacher Education* 28(1):69–85.

Mason, J. 1996. *Qualitative researching*. Londen: Sage.

Maykut, P. & Morehouse, R. 1994. *Beginning qualitative research*. Londen: Fallmer Press.

Merriam S.B. 1998. *Case studies research in education: A qualitative approach*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Mertens, 1998. Research methods in education and Psychology: Intergrating diversity with quantitative and qualitative approaches. London: Sage.

Miles, M.B. & Huberman, M.A. 1994. *Qualitative data analysis*. Tweede uitgawe. Kalifornië: Sage.

Miller, R.L. & Brewer, J.D. 2003. *The A-Z of social research.* Londen: Sage.

Mostert, J.M. 1986. Riglyne vir Kurrikulumontwikkeling. `n Kort verslag. Pretoria: Insto-Print

Mouton, J. 1996. *Understanding social research*. Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's and doctoral studies.* Pretoria: Van Schaik.

Neuman, W.L. 1997. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches.* New York: Pearson Education.

Oliva, P.F. 2005. *Developing the curriculum.* Illinois: Scott, Foresman and Company.

Ornstein, A.C. & Hunkins, F.P. 1988. Implementing curriculum changes: Guidelines for principles. *NASSP Bulletin* 2(511):67–71.

Ornstein, A.C. & Hunkins, F.P. 2004. *Curriculum foundations: Principles and issues.* Vierde uitgawe. Boston, MA: Pearson Education.

Owens, R.G. 1987. *Organisational behavior in education*. Derde uitgawe. Londen: Prentice Hall.

Pajak, E. & McAfee, L. 1992. The principal as school leader, curriculum leader. *NASSP Bulletin*, 76(547):24–30.

Policy Handbook for educators 2003. (Employment of education Act 76 of 1998) *Personnel Administration Measures (PAM document),* 18 February 1999. (C64- C65).

Punch, K.F. 1998. *Introduction to social research: Qualitative and quantitative approaches*. Londen: Sage.

Reddy, C.P.S. 2000. MPhil Leadership in education: Unit 3 Leadership in curriculum transformation. Course material. University of Stellenbosch

Robson, C. 2002. *Real world research.* Londen: Blackwell.

Stark, J.S., Briggs, C.L. & Poplawskil, J.R. 2002. Curriculum leadership: Roles of chairpersons in continuously planning departments. *Research of Higher Education* 43(3):329–356.

Taba, H. 1662. Curriculum Development: Theory and Practice. New York: Harcourt, Brace & World.

Tanner, D. & Tanner, L.N. 1980. *Curriculum development: Theory into practice.*Tweede uitgawe. New York: Macmillan.

Thurlow. M., Bush, T. & Coleman, M. 2003. *Leadership and strategic management in South African schools*. South Africa Commonwealth Secretariat.

Wiles, J. & Bondi, J. 1984. *Curriculum development: A guide to practice.* Toronto: Charles E. Merrill.

Wiles, J. & Bondi, J. 1993. *Curriculum development: A guide to practice.* Tweede uitgawe. New York: Macmillan.

Yin, T. 1994. *Case study research: Design and methods*. Tweede uitgawe. Londen: Sage.

BYLAE A

BIOGRAFIESE INLIGTING

Biografiese Inligting

*(Maak asb `n kruisie **x** of vul die relevante blokkie in.)*

1. Geslag

Manlik	
Vroulik	

2. Ouderdom in jare

3. Jare onderwysondervinding

4. Huistaal

Afrikaans	
Engels	
Ander	

5. Kwalifikasies

6. Jare ondervinding as kurrikulumkoördineerder

BYLAE B

SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD

Afdeling A – Leierskaprol

1. N - Wat verstaan u onder die begrip 'kurrikulumleierskap'?

   R - Kurrikulumleierskap is die leierrol wat vertolk word deur die kurrikulum koördineerder teenoor uhh. Dis 'n leierrol teenoor die ander opvoeders in die skool. Daaronder sien ek interne modulering, opdragte wat uitgegee word. Ja.

2. N - Hoe verskil kurrikulumleierskap vir u van kurrikulumbestuur?

   R - Kurrikulumleierskap – dit is waar 'n voorbeeld deel as kurrikulum koör-dineerder die voorbeeld moet stel wat die res van die opvoeders moet volg. Kurrikulum bestuur is – dit is die verskillende take wat in plek gestel is om te sorg dat die kurrikulum by die skool vlot verloop.

3. N - Hoe hanteer u u leierskaprol ten opsigte van u verantwoordelikhede wat vereis word om effektiewe kurrikulumleierskap binne die skool te laat plaasvind? Met ander woorde u het mos sekere verantwoordelikhede wat u moet doen as leier. Hoe hanteer u dit?

   R - Verantwoordelikhede van die rol wat ek vertolk vanaf die koördineerder dit word deur die prinsipaal aan my oorgedra. Ek hanteer dit so verantwoordelik as moontlik. Daar waar ek probleme ondervind gaan ek terug na my prinsipaal toe wat my hoof is en ek vra vir hom om vir my riglyne te gee oor hoe om my rol effektief te vertolk.

4. N - Wat is volgens u die kennis, vaardighede en houdings waaroor 'n goeie kurrikulumleier behoort te beskik?

   R - Die kennis – 'n kurrikulum koördineerder moet 'n goeie kennis hê van wat regtig in die skool moet plaasvind kurrikulumsgewys. Waardes en houdings – 'n oopdeur beleid, wees tegemoetkomend, sorg dat u altyd bereid is om te help. Vaardighede – daar is baie vaardighede. Ek sou sê wat die vernaamste vaardigheid wat in die kort rukkie van die afgelope paar jaar bygekom het is jy moet op 'n rekenaar kan werk want anders gaan jy heel dag of nag sit en skryf.

5. N - Hoe kan u as kurrikulumleier help om onderwysers gedurigdeur te motiveer en te ondersteun om verandering in die kurrikulum te kan implementeer?

R - Werkswinkels, vergaderings na skool, uitruiling van goeie idees wat opgetel word by ander skole of by ander opvoeders by ander skole. Bring dit terug na my skool toe, ruil gedagtes uit. Jy as kurrikulum koördineerder is nie te sê dat jy weet alles die beste nie. Daar is baie opvoeders wat vind het baie goeie gedagtes en idees en dan kan jy dit gebruik en dit implementeer in die skool en gee die persoon wie se oorspronklike idée dit was krediet daarvoor.

6. N - Wat doen u om te verseker dat u as kurrikulumleier te alle tye op hoogte bly van veranderinge en vernuwing in die kurrikulum?

R - Ek is ‘n lewenslange leerder. Ek leer nog altyd en ek probeer baie hard om alle werkswinkels by te woon. Somtyds is dit nou nie binne my vermoë nie, maar soveel as moontlik, en waar ek uitgemis het, sorg ek dat ek by ‘n opvoeder gaan kers opsteek wat daar was.

7. N - In u werksverhouding met kollegas ervaar u enige weerstand of onwilligheid ten opsigte van samewerking in die kurrikulum?

R - Ja. Daar is nog van die opvoeders wat nog op die ou trant wil voort-gaan en wat nog “die eie ek het vir daai tyd gewerk” en vandag moet dit nou nog werk en terwyl die kurrikulum verander het het hulle net nie verander nie – hulle het agter gebly, so ja, daar is nog weerstand.

8. N - Hoe en op watter manier is u aangestel om hierdie portefeulje van kurrikulumkoördineerder te behartig?

R - Ek is departementshoof by die skool en die skoolbestuur het saam gesit met die prinsipaal – ons almal het saam gesit, met ons personeel en toe is daar besluit geneem en daar is konsensus bereik – wie die koördineerder is, wie gaan

assisteringskoördineerder wees, maar dit is nie jy is dit vir altyd nie – dit word gekeer dat jy in alle velde in die skool oor ‘n paar jaar daar gaan wees.

Afdeling B – Koördineringsfunksie

1. N - Wat is u ervaring van die disseminasie van nuwe inligting aan onderwysers m.b.t. kurrikulumontwikkeling?

   R - Van 14h00 tot 14h50 is dit administratiewe werk vir opvoeders. Wanneer daar belangrike inligting kom dan word daar ‘n vergadering gereël met die hele personeel en daar word alle inligting deurgegee. Alle onsekerhede word daar uitgepluis en waar ons nie beholpe raak nie, stel ons die owerhede in kennis om vir ons te kom help en aan die opvoeders te kom verduidelik. Maar ons doen dit op daardie manier. Daar word vergadering gehou.

2. N - Verstaan u wat van u as kurrikulumkoördineerder verwag word, m.a.w. het u duidelikheid oor wat die verwagtinge is m.b.t u rol as kurrikulumleier?

   R - Ja, ek dink ek verstaan. Ek moet toesien dat leer in die skool plaas-vind – dat die kurrikulum in die klaskamer tot ‘n reg kom.

3. N - Hoe en waar het u die betrokke kennis en vaardighede opgedoen om u te help om hierdie funksie te kan verrig?

   R - By werkswinkels. Ek het ‘n advance certificate en ek is besig met my graad in onderwysbestuur. Vaardigheid het ek opgedoen – ek het baie geleer by kollegas. Nie net by my skool nie, maar ook by ander skole wat ek gaan kers opsteek het.

4. N - Voel u behoorlik toegerus om hierdie funksie te kan verrig?

   R - Ek dink nie ek sal ooit 100% toegerus wees nie, want daar is altyd nuwe verwikkelinge wat intree en waar jy maar net weer moet leer. Dit is waar dit ook maar inkom jy bly ‘n lewenslange leerder.

5. N - Hoe hanteer u die bestuur en koördinering van die kurrikulum binne die skool?

R - Ek hanteer dit volgens ‘n stelsel wat daar gestel is. Toe ek oorvat as kurrikulum koördineerder was daar ‘n stelsel in plek en daardie stelsel het ek aangepas en geskaaf en nou werk ek volgens daardie stelsel en daarvolgens is alles wat ons doen interne modulering, eksamen beleid – alles is berig op beleide en alles geskied volgens daardie beleid. Alles is in plek daar.

6. N - Watter meganisme het u in plek om te verseker dat onderwysers kwaliteit-leerervarings toepas in die onderrigleerproses?

R - Gereelde modulering, gereelde klasbesoeke, gereelde vergaderings, gereelde fasevergaderings, die portefeulje en die skryfboeke en die profiele van die leerders word aangevra en die kurrikulum koördi-neerder, departementshoofde en prinsipale gaan op ‘n gereelde basis in na die klasse toe om toe te sien dat die leer regtig tot sy reg kom.

7. N - Hoe dink u ervaar onderwysers u rol in die bestuur en koördinering van die kurrikulum?

R - Ek kan nie eintlik teenkanting vind nie, want ek glo daaraan dat ‘n mens op ‘n ordentlike manier met mekaar gesels en verskil. Indien ek ‘n versoek rig tot iemand dan word dit uitgevoer en as daar haakplekke is, is daar meganismes in plek om te sorg dat daardie persoon sy werk doen.

8. N - Watter kundigheid sou u reken behoort ‘n persoon te hê wat die funksie van die kurrikulumkoördineerder vervul?

R - Sterk leierskap eienskappe hê. Dit is die een. Daardie persoon moet weet wat regtig in ‘n skool moet geskied in terme van kurrikulum.

9. N - Wat, volgens u, is die pligte en verantwoordelikhede van ‘n kurrikulumkoördineerder?

R - Jou pligte is die koördinering binne die skool beleid. Dis eksamen, vraestelle en memorandums wat moet gemoduleer word. Alle inligting word deurgegee, die bywoon van werksessies en weer terugvoering gee aan die opvoeders.

Afdeling C – Ondersteuning aan en bemagtiging van onderwysers

1. N - Wat is die aard van die ondersteuning en leiding wat aan onderwysers verskaf word ten opsigte van die kurrikulum?

R - In sommige gevalle is daar baie min leiding wat verskaf word en ondersteuning en daar praat ek van die begin van die jaar. Die eerste kwartaal. Baie nuwe verwikkelinge in die kurrikulum bereik ons vanaf WKOD reeds in die middel van die eerste kwartaal, maar op oogopslag sal ek sê is dit baie goeie ondersteuning, want of hulle nou onder druk is is hulle daar om vir ons te ondersteun. Die ondersteuning wat ons kry vanaf kundiges in ons gebied is baie goed.

2. N - Het u enige programme of opleiding in plek om onderwysers te bemagtig in die kurrikulum?

R - Daar word werksessies gereël, ons vra kundiges in die streek om die werksessies te kom hou of as iemand op die personeel in staat is om dit te doen of die persoon is opgewasse, dan vra ek daardie persoon . Soms is daar kollegas van ander skole om vir ons leiding te gee.

3. N - Dink u daar word genoegsame klem gelê op die opleiding van onderwysers om die kurrikulum effektief te kan toepas?

R - Nee. As die opvoeder van die college af kom het ons al baie gesien, dit vat vir jou as ‘n ervare opvoeder omtrent drie kwart van jou dag om daai opvoeder aan die hand te vat. Ek voel die studente kry te min ervaring binne in die klaskamer voordat hulle gereed is om te kom skool hou. Hulle is nou vars gestuur skool toe en dit veroorsaak baie ontwrigting, want boekekennis en praktiese ervaring is twee verskillende goed.

N - U praat nou van jong onderwysers. Die onderwysers wat al ‘n redelike tyd lank binne die skool is – hoe sien u hulle?

R - As ek optel dat daar ‘n probleem is of ‘n tekortkoming, gesels ek met die opvoeder en ek vra vir die opvoeder wat dink u wat kan ons doen om u meer te bemagtig en dan vat ons dit en sit by ons s’n en maak ‘n plan en dan reel ons daardie werksessies. Dan kan almal deel maak van daardie werksessies sodat daardie een persoon nie uitgesonder word nie, maar ons reël werksessies, ruil gedagtes uit, gesels met mekaar.

Afdeling D – Skakeling met verskillende rolspelers

1. N - Wat is u ervaring van ouerbetrokkenheid ten opsigte van die kurrikulum?

R - Ons ouers is baie min betrokke by hulle leerders, want met oueraande of as jy ‘n briefie vir die ouers uitstuur, hy daag net nie op nie. Eerlik-waar ons ouers is baie min betrokke by hulle kinders, maar ons probeer na die uiterste van ons vermoë om die ouers hier te kry, om hulle in te lig wat deur die jaar verwag gaan word van hulle leerders. Hulle kry die leerders se assessering vooruit, dat hulle weet watter tipe take, wanneer dit gedoen gaan word. Baie steur hulle nie daaraan nie, maar ons hoop maar die bietjie wat belangstel laat dit aan hulle bind.

2. N - Watter programme het u in plek om ouers op hoogte te hou van die veranderinge in die kurrikulum?

R - Wanneer daar baie groot dinge voorlê stuur ons nuusbriewe uit, ons reël oueraande, ons reel klasbesoeke en lig die ouers by die huis in oor wat alles verwag word vanaf die ouers en vanaf die leerder waar die ouer die opvoeder aan die hand kan vat om die leerder na die beste van sy vermoë te laat presteer.

3. N - Hoe verseker u dat die skoolkurrikulum voorsiening maak vir die behoeftes van die gemeenskap?

R - Die skool probeer gereeld die ouers inlig deur die aanbied van werksessies oor die verandering in die kurrikulum.

4. N - Watter ontwikkelingsprogramme stuur u van stapel om die ouergemeenskap op hoogte te hou ten opsigte van veranderinge in die kurrikulum?

R - Aan die begin van verlede jaar en van hierdie jaar is daar vir die ouers werksessies aangebied hier by die skool waarin daar vir die ouer gesê word dit is wat die kind in Graad R, Graad 1 en tot in Graad 7 moet kan bereik, so die ouers is ten volle bewus van wat van die kind verwag word binne in die kurrikulum.

5. N - In watter mate en op watter wyse ontvang u ondersteuning van u betrokke onderwysdistrik?

R - Ek ontvang baie goeie ondersteuning van die onderwysdistrik. Indien daar probleme by die skool is en ek rig ‘n versoek tot die prinsipaal, dat die onderwysdistrik moet inkom, hulle is altyd beskikbaar, somtyds, aangesien hulle program ook maar druk is, kan dit nie dadelik geskied soos wat ons somtyds wil hê nie, maar dit word wel gedoen.

6. N - Assessering speel ‘n belangrike rol in die onderrigleerproses. Wat doen u om te verseker dat alle rolspelers ingelig is omtrent hierdie aspek?

R - ‘n Opvoeder moet kennis dra wat verwag word van die leerder. Die leerder moet self weet wat van hom verwag word. Daarom assessering moet vooraf aan die leerder en aan die ouer bekend gemaak word watter take benodig word en indien daar ‘n tekortkoming is en ‘n leerder nie vorder nie hy na ‘n skoolsielkundige verwys word.

Afdeling E – Onderwysvernuwing

1. N - Hoe hanteer u die bemagtiging van onderwysers ten opsigte van on-

derwysvernuwing?

R - Ek hanteer dit nogal goed. Werksessies en seminare word bygewoon, alle inligting word weer oorgedra op vergaderings en as ek ‘n werksessie bywoon en ek weet daar is ‘n leemte by die skool dan vra ek vir Mnr Hull om net vir hulle in te lig wat gaan regtig aan .

2. N - Hoe dink u ervaar onderwysers hierdie veranderinge in die kurrikulum?

R - Almal is nie optimisties daaroor nie. Soos ek gesê het die ou garde wil nog hou by die ou reels, maar ek dink daar is baie van on swat positief vorentoe kyk en saamwerk na die beste van ons vermoë.

3. N - Wat doen u as leier om te verseker dat daar ‘n positiewe klimaat t.o.v. leer en onderrig in die skool heers te midde van hierdie voortdurende veranderinge?

R - Spanbou sessies is baie belangrik, personeel vergaderings, goed hanteer binne die skool verband en om die werksdruk ook ‘n bietjie te lig en op ‘n gemakliker voet met mekaar te gesels en dit maak ‘n persoon meer oop.

4. N - Hoe hanteer u die uitdagings van ‘n voortdurend veranderende kurrikulum?

R - Dit veroorsaak baie stres en baie druk veral as mens ‘n weet ‘n opvoeder het so pas iets afgehandel volgens ‘n nuwe riglyn en daar kom nou weer ‘n verandering en dit moet weer verander. Geweldige administratiewe werk, maar ons probeer.

BYLAE C

AFSKRIF VAN DIE NAVORSER SE AANSOEK OM NAVORSING TE DOEN

Posbus 151
Hawston
7202
25 Februarie 2008

Die Direkteur: Onderwys Navorsing
Weskaap Onderwysdepartement
Privaatsak X 9114
Kaapstad
8000

Geagte Dr R. Cornelissen

I/S: NAVORSINGSVOORSTEL (Die Kurrikulumkoördineerder as leier in Kurrikulumontwikkeling)

Ek is tans besig met my M Ed in kurrikulumstudie aan die Universiteit van Stellenbosch. My tesis handel oor die Kurrikulumkoördineerder, dus wil ek langs hierdie weg toestemming vra om my navorsing aan Kosie de Wet Primêr, Villiersdorp Sekondêr, Laerskool De Villiers Graaff en Hoërskool de Villiers Graaff te doen.

Die beoogde tydperk vir my navorsing sal strek vanaf Februarie 2008 tot September 2008. Ek beloof dat die skole se name anoniem sal wees asook die opvoeders met wie ek onderhoude wil voer. Ook sal ek nie inbraak maak op die skool se kontaktyd nie, daar die onderhoude na 14h00 sal plaasvind.

Ook is ek van voorneme om `n brief te rig aan die hoofde en beheerliggame van die betrokke skole, om hul toestemming te verkry.

Ek hoop my aansoek vir navorsing goedgunstiglik oorweeg sal word.

By voorbaat dank.

Die Uwe

……
Mnr. C.B. Swartz

BYLAE D

AKFSKRIF VAN TOESTEMMINGSBRIEF VAN DIE DIE WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT OM NAVORSING IN SKOLE TE MAG DOEN

Mr Christopher Swartz
P.O. Box 151
HAWSTON
7202

Dear Mr C. Swartz

RESEARCH PROPOSAL: THE CURRICULUM COORDINATOR AS CURRICULUM LEADER: A CASE STUDY ON EDUCATIONAL DISPENSATION.

Your application to conduct the above-mentioned research in schools in the Western Cape has been approved subject to the following conditions:

1. Principals, educators and learners are under no obligation to assist you in your investigation.
2. Principals, educators, learners and schools should not be identifiable in any way from the results of the investigation.
3. You make all the arrangements concerning your investigation.
4. Educators' programmes are not to be interrupted.
5. The Study is to be conducted from **14th July 2008 to 27th September 2008**
6. No research can be conducted during the fourth term as schools are preparing and finalizing syllabi for examinations (October to December).
7. Should you wish to extend the period of your survey, please contact Dr R. Cornelissen at the contact numbers above quoting the reference number.
8. A photocopy of this letter is submitted to the principal where the intended research is to be conducted.
9. Your research will be limited to the list of schools as submitted to the Western Cape Education Department.
10. A brief summary of the content, findings and recommendations is provided to the Director: Research Services.
11. The Department receives a copy of the completed report/dissertation/thesis addressed to:

    The Director: Research Services
    Western Cape Education Department
    Private Bag X9114
    CAPE TOWN
    8000

We wish you success in your research.

Kind regards.

Signed: Ronald S. Cornelissen
for: **HEAD: EDUCATION**
DATE: 25th June 2008

BYLAE E

AFSKRIF VAN DIESTUDIELEIER SE BEGLEIDENDE BRIEF IN DIE AANSOEK OM NAVORSING IN SKOLE TE MAG DOEN

Die Kurrikulumkoördineerder

Geagte Heer/Dame

Ek is tans besig met my M Ed in Kurrikulumstudie aan die Universiteit van Stellenbosch en vra graag u toestemming vir onderhoudvoering.

Die titel van my navorsing is:

THE CURRICULUM COORDINATOR AS CURRICULUM LEADER: A CASE STUDY ON EDUCATIONAL DISPENSATION

Die doel van die navorsing is as volg:

Om `n indringende begrip van die standpunte, ervarings, persepsies en die rol van `n spesifieke groep kurrikulumkoördineerders as kurrikulumleiers binne die daaglikse skoolopset te probeer verkry.

Die fenomeen wat nagevors sal word is die kurrikulumkoördineerder wat verteenwoordigend is van die drie post – apartheid Onderwys Departemente.

Deelname aan die navorsingstudie sal vrywilliglik wees en die volgende kriteria sal gebruik word om die vrywillige groep te selekteer wat kurrikulumkoördineerders van eks- Model C skole , skole van die voormalige Huis van Verteenwoordigers.

1. Manlike en vroulike kurrikulumkoördineerders in primêre en sekondêre skole
2. Skole wat goed toegerus is met die nodige hulpbronne
3. Skole van voorheen benadeelde areas.

Die beoogde tydperk vir my navorsing sal strek vanaf Februarie 2010 tot September 2010. Ek beloof dat die skole se name anoniem sal bly asook die opvoeders met wie ek onderhoude wil voer. Ook sal ek nie inbraak maak op die skool se kontaktyd nie, daar die onderhoude na 14h00 sal plaasvind.

Ek hoop dat u my nederige versoek sal oorweeg.my aansoek vir navorsing goedgunstiglik oorweeg sal word.

By voorbaat dank.

Die Uwe
……
Mnr. C.B. Swartz